

# **DIE BELASTINGGEVOLGE VAN BOEDELSAMESMELTING**

**J de Beer**

**20035608**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Legum* in boedelbeplanning aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

**Studieleier: Dr HJ Kloppers**

**November 2012**

## **Abstract**

Estate massing is one of the estate planning instruments used by estate planners, especially with regards to marriages in community of property; nonetheless any two people (or more) may mass their whole estates or a part thereof.

Section 37 of the *Administration of Estates Act* describes massed estates and therefore it also supplies the requirements for estate massing and will be explored in this study.

Estate massing gives rise to tax consequences that would not have arisen normally. Due to estate massing there will be tax consequences for the predeceased testator and the surviving testator(s) and even in some cases there will be tax consequences for the heirs. In this study, attention is paid to the tax consequences of estate duty, donations tax, transfer duty, VAT and CGT.

The purpose of this study is to determine the difference between the consequences of estate massing should it happen in accordance with the requirements of the *Administration of Estates Act* and should it not happen in accordance with the requirements of the *Administration of Estates Act*.

**Key terms:** estate massing, estate duty, donations tax, transfer duty, value added tax, capital gains tax.

## Opsomming

Boedelsamesmelting is een van die boedelbeplanningsinstrumente wat deur boedelbeplanners gebruik word – veral by huwelike binne gemeenskap van goedere, maar enige twee persone (of meer) kan hulle boedels óf 'n gedeelte van elkeen se boedel laat saamsmelt.

In artikel 37 van die *Boedelwet* word boedelsamesmelting omskryf. Die vereistes vir boedelsamesmelting word in artikel 37 van die *Boedelwet* beskryf en in hierdie studie verken.

Met boedelsamesmelting ontstaan belastinggevolge wat nie normaal weg sou ontstaan nie. Boedelsamesmelting het belastinggevolge vir die eerssterwende testateur sowel as die langsliewende testateur(s) en is daar selfs in sommige gevalle belastinggevolge vir die erfgename. In hierdie studie word daar aandag geskenk aan die belastinggevolge van boedelbelasting, skenkingsbelasting, hereregte, BTW en KWB.

Die doel van hierdie studie is om vas te stel wat die verskil is tussen die boedelbelastinggevolge waar boedelsamesmelting in ooreenstemming met die vereistes van die *Boedelwet* toegepas word en waar boedelsamesmelting nie in ooreenstemming met die vereistes van die *Boedelwet* toegepas word nie.

**Sleuteltermes:** boedelsamesmelting boedelbelasting skenkingsbelasting hereregte belasting op toegevoegde waarde kapitaalwinstbelasting.

## **Inhoudsopgawe**

	Lys van afkortings	i
<b>1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>1</b>
1.1	Inleiding en probleemstelling	1
1.2	Navorsingsvraag	2
1.3	Spesifieke oogmerke	2
1.4	Raamwerk van die studie	3
<b>2</b>	<b>Bondige oorsig oor boedelsamesmelting</b>	<b>5</b>
2.1	Ontwikkeling van boedelsamesmelting	5
2.2	Vereistes vir boedelsamesmelting	8
2.2.1	Geldige testament	8
2.2.2	As een boedel beredder	9
2.2.3	Verdeling van boedel	10
2.2.4	Beperkte saaklike reg	10
2.2.4.1	Vruggebruik	12
2.2.4.2	Fideicommissum	12
2.2.4.3	Jaargeld	14
2.2.5	Adiasie	14
<b>3</b>	<b>Boedelbelasting</b>	<b>15</b>
3.1	Die waarde van 'n beperkte reg	17
3.1.1	Die hoofbepaling van artikel 5(1)(b)	18
3.1.2	Die tweede voorbehoudsbepaling van artikel 5(1)(b)	20

3.1.3	Berekening van die waarde van 'n beperkte reg	20
3.2	Artikel 4(q) vrystellings	21
3.3	Artikel 4(m): boedelbelasting verligting vir die langsliewende gade	23
3.4	Boedelbelasting en boedelsamesmelting in 'n neutedop	26
<b>4</b>	<b>Skenkingsbelasting</b>	<b>27</b>
4.1	Die heffing van geskenkebelasting	28
4.2	Algemene terme en voorwaardes van skenkings	32
4.2.1	Skenkings tussen gades getroud binne gemeenskap van goedere	32
4.2.2	Basiese jaarlikse vrystelling	32
4.2.3	Betalingstydperk vir skenkingsbelasting	32
4.3	Toepassing van voorbeelde	33
<b>5</b>	<b>Ander moontlike belastinggevolge</b>	<b>33</b>
5.1	Hereregte	33
5.1.1	Hereregte implikasies waar die langsliewende se eiendom bemaak word	34
5.2	Belasting op Toegevoegde Waarde	35
5.3	Kapitaalwinsbelasting	36
<b>6</b>	<b>Samevatting</b>	<b>40</b>
6.1	Bevindings	40
6.2	Gevolgtrekking	42
<b>7</b>	<b>Bibliografie</b>	<b>44</b>

## **LYS VAN AFKORTINGS**

KWB Kapitaalwinsbelasting

BTW Belasting op Toegevoegdewaarde

SAID Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting Diens

# 1 Inleiding

## 1.1 Inleiding en probleemstelling

Boedelsamesmelting is een van die boedelbeplanningsinstrumente wat deur boedelbeplanners gebruik word - veral by huwelike binne gemeenskap van goedere.<sup>1</sup> Een van die groot redes vir boedelsamesmelting is die vrees dat die oorlewende gade die bates nie sal aanwend soos wat die eerssterwende gehoop het dit sal gebeur nie en dat die kinders uit die huwelik nie voordeel sal trek uit sy/haar nalatenskap nie, of dat die kinders nie sal erf indien die langlewende gade weer sou trou nie.<sup>2</sup>

Boedelsamesmelting vind plaas kragtens die bepalings van artikel 37 van die *Boedelwet*.<sup>3</sup> Sodra boedelsamesmelting plaasvind ontstaan daar verskeie belastinggevolge. Hierdie gevolge sluit in boedelbelasting; inkomstebelasting en kapitaalwinstbelasting. Indien die vereistes van artikel 37 nie nagekom word nie en daar steeds gepoog word om boedelsamesmelting te bewerkstellig kan daar moontlik verdere belastinggevolge soos skenkingsbelasting ontstaan.

Boedelsamesmelting kan in 'n eenvoudige omskrywing beskryf word as die adiasie deur die langlewende testateur van die gesamentlike testament (van twee of meer persone) waar daar in dié testament bepaal word dat die testateurs se boedels saamsmelt en gesamentlik vererf moet word. Boedelsamesmelting vind gewoonlik plaas wanneer:

Twee se boedels, of slegs gedeeltes van hul onderskeie boedels, met die afsterwe van die eerste persoon saamsmelt in een gesamentlike boedel waarvoor dan volgens die ooreenkoms tussen hulle beskik sal word.<sup>4</sup>

Met die eerste oogopslag blyk dit asof boedelsamesmelting ongewenste gevolge vir die ongelukkige langlewende het. Die langlewende gee sy bates weg en ontvang gewoonlik daarvoor geen eiendomsreg nie, maar slegs 'n beperkte reg van een of ander soort, in die algehele of 'n gedeelte van die saamgesmelte boedel.

---

<sup>1</sup> Alhoewel hierdie 'n baie handige instrument is, is dit nie sonder probleme nie. Ander boedelbeplanningsinstrumente wat deur boedelbeplanners gebruik word sluit in: *mortis causa* trust; lewensversekering; beperkte belange soos byvoorbeeld vruggebruik, *usus*, *fideicommissum*, *habitatio*, weidingsregte en bemakingspryse.

<sup>2</sup> Kilbourn 1996 *Butterworth's Property Law Digest* 43.

<sup>3</sup> 66 van 1965. Artikel 37 word in Hoofstuk 2 bespreek.

<sup>4</sup> Van Gijzen 2009 <http://www.152.111.1.45/argief/berigte/landobuweekblad/2009/09/04/LB/34/01.html>.

Afhangende van die omstandighede, is dit moontlik vir boedelsamesmelting om meer voordelig te wees vir die langsliewende as om sy eie bates te behou, weens die feit dat die langsliewende se boedel verklein word en moontlike boedelbelasting vir die toekoms bespaar word.<sup>5</sup>

Boedelsamesmelting as boedelbeplanningsinstrument word deur boedelbeplanners gebruik om *inter alia* belastingvoordele vir hul kliënte te bekom.<sup>6</sup> Dit gebeur egter dat die vereistes van boedelsamesmelting soos dit in artikel 37 van die *Boedelwet* bepaal word nie nagekom word nie,<sup>7</sup> wat nadelige belastinggevolge vir die kliënte of hul erfgename inhou.

## **1.2 Navorsingsvraag**

Die navorsingsvraag wat in hierdie skripsie bespreek word, is: “Wat is die belastinggevolge van boedelsamesmelting?” Daar gaan in hierdie skripsie gepoog word om duidelikheid te kry oor die belastinggevolge wat ontstaan waar boedelsamesmelting in ooreenstemming met die vereistes van die *Boedelwet* toegepas word en waar dit nie in ooreenstemming met die vereistes van die *Boedelwet* is nie.

## **1.3 Spesifieke oogmerke**

Die doel van hierdie skripsie is eerstens om die verskil aan te dui tussen die belastinggevolge waar boedelsamesmelting in ooreenstemming met die vereistes van die wet toegepas word, en tweedens aan te dui waar dit nie in ooreenstemming met die vereistes van die *Boedelwet* toegepas word nie. In hierdie skripsie sal die belastinggevolge van die volgende twee voorbeelde die belastinggevolge van boedelsamesmelting ontleed word.

1. A en B is getroud binne gemeenskap van goedere. In hulle gesamentlike testament bepaal hulle dat by die dood van die eerssterwende daar boedelsamesmelting plaasvind. Dit het dus die gevolg dat hul kinders die totale saamgesmelte boedel sal erf en die langsliewende gade slegs vruggebruik oor 'n eiendom (hul primêre woning) sal bekom.

---

<sup>5</sup> Kilbourn 1996 *Butterworth's Property Law Digest* 9.

<sup>6</sup> Veral inkomstebelasting en boedelbelasting.

<sup>7</sup> Die vereistes vir boedelsamesmelting word in par 2.2 bespreek.



2. X en Y is die eienaars van 'n beleggingseiendom en besluit om 'n gesamentlike testament op te stel waar daar bepaal word dat boedelsamesmelting plaasvind en dat by die eerssterwende se dood 'n *mortis cause* trust geregistreer sal word waarna die eiendom in die trust se naam geregistreer sal word en die langsliewende van hulle die kapitaalbegunstigde van die trust sal wees.

#### **1.4 Raamwerk van die studie**

Ten einde die navorsingsvraag te kan beantwoord word daar in hoofstuk 2 gekyk na wat presies boedelsamesmelting behels en meer spesifiek na die statutêre vereistes van boedelsamesmelting.

In hierdie hoofstuk word daar eerstens deur 'n historiese oorsig gegaan rakende die ontwikkeling vanaf die vroeë 1900's tot en met die moderne artikel 37 van die *Boedelwet* en al die vereistes wat daarmee gepaard gaan. Daar word ook in detail gekyk na die vereistes van boedelsamesmelting naamlik: 'n geldige testament; een boedel wat berekter moet word; verdeling van die boedel; langsliewende wat 'n beperkte saaklike reg moet bekom en adiasie deur die langsliewende.

In hoofstuk 3 word daar aandag gegee aan boedelbelasting en word die gevolge vergelyk wanneer daar voldoen word aan die vereistes van die *Boedelwet* en wanneer daar nie voldoen word aan die vereistes van die *Boedelwet* nie. Boedelsamesmelting kan in sekere gevalle effektief daartoe lei dat boedelbelasting verminder word. Wanneer die testateur met die kleiner boedel eerste te sterwe kom, word die langsliewende testateur ook van sy bates ontnem wat tot gevolg het dat daar geen of min boedelbelasting verpligtinge by die langsliewende se afsterwe sal ontstaan.<sup>8</sup>

Volgens van Gijsen:<sup>9</sup>

Boedelbelasting word gehef ingevolge die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) op die boedel van diegene wat by tye van hul dood inwoners van Suid-Afrika was (ook op sekere nie-inwoners ...). Jou boedel bestaan uit sowel eiendom ... en dan ook eiendom wat nie joune is nie, maar spesifiek deur die wet geag word jou eiendom te wees.

---

<sup>8</sup> Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 150; Derksen 1980 *Moderne Besigheidsreg* 1-5.

<sup>9</sup> Van Gijsen 2011 <http://www.152.111.45/argief/berigte/landbouweekblad/2011/09/16/LB/58/01.html>.

Ingevolge artikel 3(2)(a) van die *Boedelbelastingwet*<sup>10</sup> word enige beperkte reg ingesluit as “eiendom” van die oorledene. ’n Beperkte reg is ’n beperkende reg wat ’n persoon oor ’n bate ontvang. Hierdie reg is beperk deurdat die persoon wat die beperkte reg ontvang nie vrylik met die bate kan handel nie en is gewoonlik onderhewig aan voorwaardes wat daargestel is deur die eienaar van die bate (in ons geval die testateur). ’n Waarde word aan die beperkte reg gegee ingevolge die werking van artikel 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*, soos daar in paragraaf 3.1 bespreek sal word.

Die belangrikste faktore wat testateurs sal oortuig om boedelsamesmelting te laat bewerkstellig word in artikels 4(m) en 4(q) van die *Boedelbelastingwet* saamgevat. Dit is egter belangrik om die klem daarop te lê dat artikel 4(q) slegs van toepassing is op gades en artikel 4(m), slegs op gades getroud binne gemeenskap van goedere. Daarom is dit belangrik om daarop te let dat paragrawe 3.2 en 3.3, wat hieronder bespreek word slegs van toepassing is waar boedelsamesmelting deur gades bewerkstellig word.

Daar word dus beoog om in hierdie hoofstuk die voordele en nadele uit te wys wat tot stand kom wanneer boedelsamesmelting op die “regte” wyse plaasvind asook wanneer dit verkeerdelik gebruik word.

---

<sup>10</sup> A 3(2) van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955 bepaal dat: “Eiendom” beteken enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, en ook – (a) enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg op eiendom (met inbegrip van ’n reg op ’n jaargeld waarmee goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het; (b) enige reg op ’n jaargeld (behalwe ’n reg op ’n jaargeld waarmee enige goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het en wat by die dood van die oorledene aan iemand anders toegeval het; (c) in die geval van ’n oorledene wat nie op die datum van sy dood sy gewone verblyf in die Republiek gehad het nie, enige reg op onroerende goed buite die Republiek geleë nie; (d) ’n reg op roerende goed liggaamlik buite die Republiek geleë indien die oorledene op die datum van sy dood nie sy gewone verblyfplek in die republiek gehad het nie; (e) ’n skuld of reg van aksie wat nie in die geregshoue van die Republiek verhaalbaar of afdwingbaar is nie, indien die oorledene op die datum van sy dood nie sy gewone verblyfplek in die Republiek gehad het nie; (f) enige klandisiewaarde, lisensie, patent, model, handelsmerk, outeursreg of ander dergelike reg wat nie in die Republiek geregistreer of afdwingbaar is nie of nie aan ’n handelsaak, besigheid of beroep in die Republiek verbonde is nie indien die oorledene op die datum van sy dood nie sy gewone verblyfplek in die Republiek gehad het nie; (g) in die geval van ’n oorledene wat op die datum van sy dood nie sy gewone verblyfplek in die Republiek gehad het nie- (i) enige effekte of aandele deur hom gehou in ’n regs persoon wat nie ’n maatskappy is nie; en (ii) enige effekte of aandele deur hom gehou in ’n maatskappy, mits ’n oordrag waarby ’n verandering in die eiendomsreg op sulke effekte of aandele aangeteken word, nie in die Republiek geregistreer moet word nie; (h) enige regte op die inkomste van die opbrengs uit enige eiendom bedoel in par (e), (f) of (g).

In hoofstuk 4 word daar gekyk na skenkingsbelasting en die gevolg vir die langsewende waar 'n beskikking gemaak is en te min teenwaarde daarvoor terugontvang is. Die Inkomstebelastinghof het in 1984 bevind dat 'n afstanddoening deur die langsewende van sy/haar bates gesien word as 'n skenking, wat dan aan skenkingbelasting onderhewig sal wees.<sup>11</sup> Om hierdie rede sal daar ook gekyk word na die skenkingsbelasting vrystellings wat moontlik bestaan vir die langsewende testateur.

In hoofstuk 5 word daar gekyk na ander moontlike belastinggevolge van boedelsamesmelting. Die tipe belasting wat kortliks bespreek word, is hereregte, BTW en kapitaalwinsbelasting.

Ná die bestudering van die impak van die verskillende soorte belasting sal dit duidelik wees wat die gevolge van boedelsamesmelting is waar boedelsamesmelting in ooreenstemming met die vereistes van die *Boedelwet* plaasvind en waar dit nie in ooreenstemming met die *Boedelwet* plaasvind nie.

## **2 Bondige oorsig oor boedelsamesmelting**

Ten einde boedelsamesmelting te kan bewerkstellig moet daar vasgestel word watter belastinggevolge ontstaan wanneer boedelsamesmelting plaasvind. Dit is noodsaaklik om 'n oorsig te gee oor die ontwikkeling van boedelsamesmelting in Suid-Afrika, wat die vereistes vir 'regsgeldige' boedelsamesmelting is,<sup>12</sup> asook die beperkte regte wat aan 'n langsewende<sup>13</sup> nagelaat kan word.

### **2.1 Ontwikkeling van boedelsamesmelting**

In *Rosenberg v Dry's Executors*<sup>14</sup> is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die gemeenregtelike gevolge van boedelsamesmelting van persone getroud binne gemeenskap soos volg is: by die afsterwe van die eerssterwende gade, ontvang die erfgename 'n saaklike reg bestaande uit die eerssterwende gade se halwe aandeel, van die gesamentlike boedel. Selfs na adiasie behou die langsewende gade haar

---

<sup>11</sup> ITC 1387, 46 SAT 121.

<sup>12</sup> Soos wat bepaal word in artikel 37 van die *Boedelwet*.

<sup>13</sup> Vir doeleindes van hierdie skripsie word daar aanvaar dat die man eerste te sterwe kom en dat die vrou die langsewende gade is.

<sup>14</sup> 1911 AD 679.

*dominium* in haar halwe aandeel van die boedel.<sup>15</sup> Na die afhandeling van die boedel het die langsliewende gade dieselfde reg op die erflating as op haar halwe aandeel.<sup>16</sup>

Volgens Corbett<sup>17</sup> was hierdie situasie *mutatis mutandis* van toepassing in die gemenereg op egpare getroud buite gemeenskap van goed.

Laasgenoemde situasie het verander met die inwerkingtreding van artikel 115 van die *Boedelwet*<sup>18</sup> van 1913:

Wanneer in gemeenskap van goederen gehuwde echtgenoten bij mutueel testament hun gehele gemeenschappelijke boedel of een bepaald gedeelte daarvan tot een geheel verenigd en daarover na de dood van de overblijvende echtgenoot beschikt hebben, onder toekenning aan laatstgenoemde van een met *fideicommissum* bezwaard recht of van een recht van vruchtgebruik of van een ander beperkt recht daarop, dan hebben, bij overlijden van een van beide echtgenoten na de invoering van deze Wet, de aanvaarding en aanneming door de overblijvende echtgenoot van voordelen onder het testament het gevolg, dat de erfgenamen, die na beëindiging van boedel beperkt recht tot de goederen gerechtigd zijn, dezelfde rechten ten aanzien van het halfdeel van de overblijvende echtgenoot in die goederen verkrijgen, die hun volgens wet mocht toekomen ten aanzien van het halfdeel, dat aan de vooroverleden echtgenoot toekwam.

Dit is duidelik uit die bewoording van hierdie artikel dat boedelsamesmelting slegs moontlik was vir persone wat binne gemeenskap van goedere met mekaar getroud is.<sup>19</sup>

Regter Solomon kom in *Receiver of Revenue v Hancke*<sup>20</sup> tot die gevolgtrekking dat die wetgewer besluit het om nie reg só neer te lê soos wat dit in *Rosenberg v Dry's Executors and Others* neergelê is nie, maar om liever 'n eenvoudiger gevolgtrekking te maak, naamlik dat die twee helftes van die gesamentlike boedel op dieselfde voet geplaas moet word.<sup>21</sup>

Op 2 Oktober 1967 tree artikel 37 van die *Boedelwet*<sup>22</sup> in werking. Vanaf hierdie datum is dit moontlik vir enige persone om hul boedels saam te smelt; die vereiste dat persone met mekaar getroud moet wees, word nie deur artikel 37 van die *Boedelwet* vereis nie.

---

<sup>15</sup> 1991 AD 679 by 688.

<sup>16</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 442.

<sup>17</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 442.

<sup>18</sup> A 115 van die *Boedelwet* 24 van 1913.

<sup>19</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 442.

<sup>20</sup> *Receiver of Revenue v Hancke* 1915 AD 64 80.

<sup>21</sup> 1991 AD 679 by 689.

<sup>22</sup> 66 van 1965.

Artikel 37 van die *Boedelwet*<sup>23</sup> bepaal:

Indien *twee of meer persone* by hul mutuele testament die hele of 'n bepaalde gedeelte van hul *gesamentlike* boedel saamgevoeg het en beskik het oor die saamgevoegde boedel of oor enige gedeelte daarvan na die dood van die langsliewende of oorlewendes of die plaasvind van 'n ander gebeurtenis na die dood van die eerssterwende, waarby aan die *langsliewende of oorlewendes 'n beperkte reg ten opsigte van enige goed in die saamgevoegde boedel toegeken word*, dan het, by oorlye van die eerssterwende na die inwerkingtreding van hierdie Wet, aanvaarding deur die langsliewende of oorlewendes tot gevolg dat die persone ten gunste van wie die beskikking gedoen is, ten opsigte van goed wat deel van die langsliewende of oorlewendes se aandeel in die saamgevoegde boedel uitmaak, die regte verkry wat hulle regtens ingevolge die testament sou besit het as daardie goed aan die eerssterwende behoort het; en die eksekuteur stel sy distribusierekening dienooreenkomstig op.

'n Gesamentlike testament is die *testament van twee of meer persone, wat in een gesamentlike dokument uiteengesit is*. Dit is die afsonderlike testament van die partye en derhalwe kan enige party dit ter enige tyd wysig of herroep, sonder die medewete of medewerking van die ander testateur. Dit is van toepassing op die testament van sowel die eerssterwende en die langsliewende of net van die eerssterwende.<sup>24</sup> Hierdie onderwerp sal verder bespreek word in paragraaf 2.2.1.

Artikel 37 van die *Boedelwet* maak dit duidelik in die bewoording dat testateurs gesamentlike boedels kan hê, maar ook dat hulle, hul afsonderlike bates in hierdie testament kan laat erf. Gevolglik is dit nie net persone wat binne gemeenskap van goedere getroud is of ander persone wat saam iets besit wat boedelsamesmelting kan bewerkstellig nie, maar enige twee of meer persone kan boedelsamesmelting laat bewerkstellig.

Corbett<sup>25</sup> is van mening dat daar 'n omstredenheid in die bewoording van hierdie artikel is, aangesien gepraat word van twee of meer persone en 'n "gesamentlike boedel". Volgens hom kan net van 'n gesamentlike boedel gepraat word, waar daar van persone getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar gepraat word.<sup>26</sup> Hierteenoor is Murray,<sup>27</sup> soos Corbett verduidelik, van mening dat die hoewe hierdie probleem, soos uitgelig deur Corbett, sal oplos deur te bevind dat 'n "gesamentlike boedel", 'n boedel is wat 'n gesamentlike boedel word deur én as gevolg van boedelsamesmelting.

---

<sup>23</sup> A 37 van die *Boedelwet*; kursief self ingesit.

<sup>24</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56.

<sup>25</sup> Corbet ea *Law of Succession in South Africa* 443.

<sup>26</sup> Corbet ea *Law of Succession in South Africa* 443.

<sup>27</sup> Corbett ea *Law of Succession in South Africa* 443.

Wiechers en Vorster<sup>28</sup> vereenvoudig artikel 37 van die *Boedelwet* en omskryf boedelsamesmelting soos volg:

...wanneer twee of meer testeer bevoegde persone hulle boedels in 'n gesamentlike testament tot 'n enkele boedel konsolideer (saamsmelt) en in die testament voorskryf wat met hierdie saamgesmelte boedel moet gebeur by die ... dood van die eerssterwende deelgenoot in die gesamentlike testament.

Ondanks hierdie vereenvoudiging van Wiechers en Vorster moet die bewoording van artikel 37 steeds gevolg word.

Oor die algemeen vind boedelsamesmelting plaas tussen gades,<sup>29</sup> maar as gevolg van artikel 37 van die *Boedelwet* kan enige persoon nou sy boedel saamsmelt met die van 'n ander.<sup>30</sup> Boedelsamesmelting tussen partye wat geen verbintenis hoegenaamd met mekaar het nie, is egter skaars<sup>31</sup> maar wel moontlik solank daar voldoen word aan die vereistes van artikel 37 van die *Boedelwet*.

## **2.2 Vereistes vir boedelsamesmelting**

Daar bestaan sekere vereistes waaraan die testateurs van 'n saamgesmelte boedel moet voldoen voordat boedelsamesmelting behoorlik kan plaasvind by die dood van die eerssterwende testateur. Artikel 37 van die *Boedelwet* stel die volgende regsvereistes vir boedelsamesmelting: 'n gesamentlike boedel deur die partye wat bedoel het om hul boedels saam te smelt; die boedels van die partye moet gekonsolideer word en die saamgesmelte boedel (of gedeelte daarvan) moet as 'n eenheid vererf word; die langsliewende moet die boedelsamesmelting adieer; 'n beperkte reg in die saamgesmelte boedel moet aan die langsliewende bemaak word.

### **2.2.1 Geldige testament**

'n Regsgeldige gesamentlike testament<sup>32</sup> moet deur twee of meer testeer bevoegde persone<sup>33</sup> opgestel word.<sup>34</sup> Artikel 37 van die *Boedelwet* bepaal dat die testament

---

<sup>28</sup> Wiechers en Vorster *Boedelberedding* 55; sien ook Abrie ea *Boedels* 81.

<sup>29</sup> Beide gades getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar en gades getroud buite gemeenskap met mekaar.

<sup>30</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 8 - 9.

<sup>31</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 5.

<sup>32</sup> Die testament moet op skrif wees; die testament moet aan die einde daarvan deur die testateur onderteken wees of deur 'n ander persoon in die teenwoordigheid van die testateur en in opdrag van die testateur (artikel 2(1)(a)(i) van die *Wet op Testamente* 7 van 1953); die testateur of die persoon wat namens die testateur teken moet die testament in die gesamentlike teenwoordigheid van twee of meer bevoegde getuies onderteken, of die handtekening moet bevestig word deur die testateur of persoon wat namens hom teken (artikel 2(1)(a)(ii) van die

die bedoeling van die testateurs duidelik moet deurgee, met ander woorde: dat hul bedoel het om hul boedels tot 'n enkele, gekonsolideerde eenheid saam te voeg.<sup>35</sup> Dit is geen vereiste dat die testateurs hul totale individuele boedels in die gesamentlike boedel moet bydrae nie.

Dit is dus moontlik dat samesmelting slegs ten opsigte van 'n spesifieke bate — byvoorbeeld, 'n vaste eiendom — kan plaasvind. Verder bates wat in die langsliewende testateur(s) se boedel inkom na die dood van die eerssterwende testateur, word uitgesluit uit die gesamentlike testament en bly gevolglik onder die beheer van daardie langsliewende testateur.<sup>36</sup>

### 2.2.2 As een boedel beredder

Artikel 37 van die *Boedelwet* bepaal dat dit uit die testament duidelik moet blyk dat dit die testateurs se bedoeling is dat die saamgestelde boedel as een boedel beredder en verdeel moet word by die dood van die eerssterwende testateur.<sup>37</sup> Geen boedelsamesmelting sal plaasvind waar twee afsonderlike testamente in een dokument saamgevoeg word nie. Van Gijsen<sup>38</sup> is van mening dat as

Enige ooreenkoms waarin een party aan 'n ander enige onderneming gee wat sy of haar testeervryheid beperk, word kragtens die gemenerereg verbied.

Daar bestaan 'n gemeenregtelike vermoede teen boedelsamesmelting,<sup>39</sup> weens die feit dat die gemenerereg bepaal dat geen persoon homself kan verwyder van die

---

*Wet op Testamente 7 van 1953*); dieselfde getuies moet die testament attesteer en onderteken in die teenwoordigheid van die testateur en mekaar, en in die geval waar iemand namens die testateur teken, ook in die teenwoordigheid van so 'n persoon (artikel 2(1)(a)(iii) van die *Wet op Testamente 7 van 1953*); as die testament uit meer as een bladsy bestaan moet elke bladsy uitgesonder die bladsy waarop die testament eindig, deur dieselfde getuies sowel as die testateur of die persoon wat namens die testateur teken, op enige plek geteken word (artikel 2(1)(a)(iv) van die *Wet op Testamente 7 van 1953*).

<sup>33</sup> Ingevolge artikel 1 van die *Wet op Testamente 7 van 1953* is 'n bevoegde getuie enigiemand wat 14 jaar of ouer is wat getuienis in 'n geregshof kan aflê.

<sup>34</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56; Lourens 2000 *THRHR* 420.

<sup>35</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56. Sien ook Wiechers *Testamente* 82 en Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 436.

<sup>36</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 436.

<sup>37</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56.

<sup>38</sup> Van Gijsen 2011 <http://www.sake24.com/Menings/Rubrieke/Gesamentlike-testament-se-waarde-2011>.

<sup>39</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 438; Jooste RD 1988 *Income Tax Reporter* 6. Corbett lys in sy artikel onder meer die volgende regspraak ter staving van hierdie standpunt - *Burgers v Burgers' Executors* 1911 CPD 936; *Estate Claassen v Estate Claassen* 1913 CPD 269; *Mills v Estate van Blerk* 1914 CPD 857; *Kleyn v Estate Kleyn* 1915 AD 527; *Estate Coaton v The Master* 1915 CPD 318; *The Receiver of Revenue v Hancke* 1915 AD 64; *Union Government v Leask's Executors* 1918 AD 447; *De Kock v Estate De Kock* 1922 CPD 110; *Estate Smuts v*

bevoegdheid om vrywillig 'n laaste testament te maak nie.<sup>40</sup> In terme van hierdie vermoede word vermoed dat die eerssterwende slegs oor sy eie bates in die gesamentlike boedel beskik.<sup>41</sup> Daarom word vereis, om hierdie vermoede te weerlê, dat 'n duidelike en ondubbelsinnige beskikking oor die gesamentlike eiendom van albei die testateurs gemaak word.<sup>42</sup>

Verder stel Wiechers en Vorster<sup>43</sup> voor dat daar in die testament 'n klousule opgeneem word, wat hierdie vermoede teen boedelsamesmelting weerlê.

'n Voorbeeld van so 'n klousule is: “*Ons smelt hiermee ons gesamentlike boedel saam en bemaak die aandeel wat die testateur/testatrise hou in Erf 123 Monument Dorpsgebied, Registrasie Afdeling I.Q., in die provinsie van Gauteng aan ons dogter Nicole Smit, onderworpe aan 'n lewenslange vruggebruik ten gunste van die langlewende van ons.*”

### 2.2.3 *Verdeling van boedel*

Volgens Wiechers en Vorster<sup>44</sup> moet die wyse waarop die saamgesmelte boedel verdeel word, die identiteit van die begunstigdes en die aard van die bevoordeling wat op die langlewende testateur by adiasie toeval, in die testament uiteengesit word. Hierdie is egter nie 'n vereiste soos bepaal in artikel 37 van die *Boedelwet* nie, maar vergemaklik die beredderingsproses.

### 2.2.4 *Beperkte saaklike reg*

Ingevolge artikel 37 van die *Boedelwet* moet 'n bevoordeling 'n beperkte saaklike reg<sup>45</sup> insluit vir die langlewende testateur(s).<sup>46</sup> Dit gebeur soms in die praktyk dat die langlewende nie 'n beperkte saaklike reg kragtens die testament ontvang nie,

---

*Estate Rust* 1923 CPD 449; *Meyer's Executors v Meyer's Executors* 1927 TPD 331; *Scheidel v The Master* 1936 CPD 287; *Perry v Executors Estate Oats* 1941 TPD 91; *Ex parte Jackson NO* 1941 TPD 222.

<sup>40</sup> *Rhode v Stubbs* 2005 5 SA 104 (HHA).

<sup>41</sup> Lourens 2000 *THRHR* 419.

<sup>42</sup> Lourens 2000 *THRHR* 419.

<sup>43</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56; Wiechers *Testamente* 83.

<sup>44</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56.

<sup>45</sup> 'n Beperkte saaklike reg vorm deel van eienaarskap weens die feit dat hierdie reg “los gemaak” an die eenaar (in titel) se regte oor die eiendom. Grotius noem 'n beperkte saaklike reg 'n “gerechtigheid” en die blooteiendomsreg wat die eenaar van die eiendom het 'n “gebrekelicke eiendom”. (Van der Walt 1992 *THRHR* 180 – 181).

<sup>46</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56; Lourens 2000 *THRHR* 421.



maar op iets anders geregtig is.<sup>47</sup> Ingevolge die gemenerereg is die ontvangs van 'n beperkte saaklike reg nie 'n voorvereiste vir boedelsamesmelting nie. Soos hierbo aangedui geld die gemenerereg slegs tussen getroude gades.

Die vraag ontstaan nou of bovermelde ontvangs steeds in die lig van artikel 37 van die *Boedelwet* as boedelsamesmelting bekend kan staan. Volgens Wiechers en Vorster<sup>48</sup> is dit duidelik dat:

hierdie situasie nie binne die trefwydte van artikel 37 van die *Boedelwet* val nie en dat daar dus nie van “statutêre boedelsamesmelting”... sprake is nie. Die langsewende verkry immers die volle eiendomsreg op 'n bate en nie slegs 'n beperkte reg nie. ... wil dit voorkom asof daar twee benaderings tot die probleem is. Die eerste benadering is dat hier met “gemeenregtelike samesmelting” te doen gekry word omdat artikel 37 van die *Boedelwet* nie hier van toepassing is nie. Die tweede benadering is dat die begrip “boedelsamesmelting” sedert die inwerkingtreding van artikel 37 op 2 Oktober 1967 beperk moet word tot gevalle wat spesifiek onder artikel 37 tuisgebring kan word en dat alle ander situasies gewoon as 'n regstreekse toepassing van die leerstuk van keuse beskou moet word.

Daar word gemeen dat die “gemeenregtelike samesmelting” steeds vandag moontlik is, veral tussen persone getroud binne gemeenskap van goedere.<sup>49</sup> Die feit dat die langsewende 'n saaklike reg<sup>50</sup> oor sekere eiendom kry in plaas van 'n beperkte saaklike reg,<sup>51</sup> plaas die langsewende in 'n beter posisie as wat sy sou wees ingevolge statutêre boedelsamesmelting.

Volgens Abri<sup>52</sup> vind statutêre boedelsamesmelting net plaas wanneer die langsewende die een of ander vorm van beperkte saaklike reg soos 'n vruggebruik, *fideicommissum* of jaargeld adieer en in ruil daarvoor afstand doen van haar volle óf gedeeltelike aandeel in die gemeenskaplike boedel. Volgens Kilbourn<sup>53</sup> blyk dit dat 'n beperkte saaklike reg aan die langsewende 'n essensiële eienskap van boedelsamesmelting is. As daar geen voorsiening gemaak is vir die skepping van 'n

---

<sup>47</sup> Wiechers en Vorster *Boedelberedding* 58; Abrie e.a. *Boedels* 82. Die reg waarop die langsewende gewoonlik geregtig is, is 'n saaklike reg.

<sup>48</sup> Scott (red) *Werkboek vir Erfreg* 165.

<sup>49</sup> Sien par. 2.1.

<sup>50</sup> 'n Saaklike reg sluit in alle bates wat deel uitmaak van 'n persoon se boedel.

<sup>51</sup> 'n Beperkte saaklike reg is wanneer daar 'n beperking geplaas word oor 'n persoon se bates ten voordeel van 'n ander persoon.

<sup>52</sup> Abrie ea *Boedels* 81.

<sup>53</sup> Kilbourn 1996 *Butterworths Property Law Digest* 8.

beperkte saaklike reg aan die langsewende nie, dan is daar in die sterkste sin geen boedelsamesmelting nie.<sup>54</sup>

’n Langsewende ontvang by die adiasie van die boedelsamesmelting gewoonlik ’n beperkte saaklike reg wat ooreenstem met dié wat hieronder bespreek word.

#### 2.2.4.1 Vruggebruik

Abrie<sup>55</sup> omskryf die regswerking van vruggebruik soos volg:

Vruggebruik ontstaan waar die gebruiks- en genotsbevoegdheid aan ’n persoon verleen is ten opsigte van ’n bepaalde bemaking. Die uiteindelijke bevoordeeldes verkry die blote eiendomsreg van die bemaking en kan die bemaakte eiendom nie vervreem sonder die gepaardgaande lasbepaling van die vruggebruiker se gebruiks- en genotsbevoegdheid nie<sup>56</sup>.

Vruggebruik verleen aan die vruggebruiker die reg om die goed (roerend en/of onroerend) te gebruik, te geniet en om die vrugte daarvan te ontvang. Die vruggebruiker mag nie die aard van die goed verander nie, en moet dit op só ’n wyse gebruik, met inberekening van normale slytasie, dat dit na die afloop van die vruggebruik in dieselfde toestand is, as wat dit voor die vruggebruik was.<sup>57</sup> Om te verseker dat die vruggebruiker aan hierdie vereistes voldoen, is sy verplig om sekuriteit te verskaf.<sup>58</sup>

Die situasie is egter anders waar daar ’n vruggebruik oor geld gegee word. As gevolg van die aard van geld word die vruggebruiker die eienaar van die geld en kan die geld byvoorbeeld belê word in sy eie naam.<sup>59</sup> Die vruggebruiker is gevolglik geregtig om met die geld te handel soos wat hy goeddunk. Dit is egter die vruggebruiker se verantwoordelikheid om ’n soortgelyke bedrag aan die uiteindelijke bevoordeelde te laat, aan die einde van die vruggebruik of by afsterwe.<sup>60</sup>

#### 2.2.4.2 Fideicommissum

---

<sup>54</sup> Kilbourn 1996 *Butterworths Property Law Digest* 8.

<sup>55</sup> Abrie ea *Boedels* 49.

<sup>56</sup> Gevolglik kan die eienaar van die blote eiendomsreg ’n verband oor die eiendom registreer maar die regte van die vruggebruik sal voorrang bo die verband geniet. In praktyk sal die verbandgewer egter vereis dat die vruggebruiker afstand doen van sy voorrang, voordat ’n verband oor die eiendom geregistreer sal word.

<sup>57</sup> Abrie ea *Boedels* 76.

<sup>58</sup> Abrie ea *Boedels* 76.

<sup>59</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 66.

<sup>60</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 66.

Die *fideicommissum* stel die testateurs van die gesamentlike boedel in staat om sekere bates binne die familieverband te hou deur dit aan 'n eerste bevoordeelde na te laat onderhewig aan 'n *fideicommissum* ten gunste van 'n tweede en verdere bevoordeelde.<sup>61</sup> Hierdie was 'n gewilde boedelbeplanningstrategie wat deur die boeregemeenskap gebruik was om 'n plaas van een generasie oor te dra na die volgende met die wete dat die plaas in die familie sal bly.<sup>62</sup> Die *Wet op die Opheffing van Wysigings van Beperkinge op Onroerende Goed*<sup>63</sup> het egter hierdie vorm van beplanning tot 'n einde gebring.

Ingevolge die *Wet op die Opheffing van Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed* word 'n *fideicommissum*<sup>64</sup> ten opsigte van onroerende goed beperk tot twee opeenvolgende *fideicommissum*.<sup>65</sup> Hierdie beperking geld ook wanneer dit gehou word in 'n trust vir die voordeel van opeenvolgende begunstigdes.<sup>66</sup> Hierdie wet beperk egter nie *fideicommissum* ten aansien van roerende goed nie.<sup>67</sup>

Die effek van 'n *fideicommissum* is dat die *fideicommissarius* eienaar word van die bemaakte eiendom onderhewig aan 'n verpligting om dit by die spesifieke gebeurtenis oor te dra.<sup>68</sup> As die voorgeskrewe gebeurtenis nie plaasvind nie, verval die verpligting en word die *fideicommissarius* die absolute eienaar van die eiendom. Maar totdat die gebeurtenis plaasvind of nie meer kan plaasvind nie, kan die *fideicommissarius* nie met die eiendom handel soos wat hy goëddunk nie.<sup>69</sup>

Die testateurs van die gesamentlike boedel is ook by magte om 'n *fideicommissum residu*<sup>70</sup> daar te stel vir die langsliewende(s). Hierdie is 'n mengsel tussen 'n algehele

---

<sup>61</sup> Abrie ea *Boedels* 75. Met ander woorde dit is 'n bemaking van eiendom aan 'n persoon met die voorwaarde dat dit op die gebeurtenis van iets spesifieks daardie eiendom aan 'n ander persoon moet oorgaan.

<sup>62</sup> Die doel van hierdie tipe bemaking is nie die beskerming van die eerste begunstigde nie, maar die behou van die bemaking vir die opvolger. Davies 1965 *The Taxpayer* 49.

<sup>63</sup> *Wet op die Opheffing van Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed* 94 van 1965.

<sup>64</sup> 'n *Fideicommissum* kom tot stand wanneer 'n erflater (die eerssterwende in die saamgesmelte boedel) sy plaas aan sy langsliewende gade bemaak maar met die voorbehoud dat die plaas by die langsliewende gade se dood na hulle oudste seun vererf word. In hierdie voorbeeld is die langsliewende gade die *fideicommissarius* en die oudste seun die *fiduciaries*.

<sup>65</sup> Enkelvoud: *fideicommissarius*.

<sup>66</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 65.

<sup>67</sup> Davies 1965 *The Taxpayer* 45.

<sup>68</sup> Davies 1965 *The Taxpayer* 45; Anoniem 1992 *The Taxpayer* 65.

<sup>69</sup> Davies 1965 *The Taxpayer* 46; Anoniem 1992 *The Taxpayer* 65. Verder is die *fideicommissum* daartoe geregtig om 'n interdik teen die *fiduciae* te kry om te verseker dat die *fiduciae* hom / haar hou by die testateur se wense in die testament.

<sup>70</sup> *Fideicommissum* van wat oorbly.

bemaking en bemaking onderhewig aan 'n *fideicommissum*.<sup>71</sup> In hierdie geval bepaal die testateurs dat sekere goed aan die langsliewende nagelaat word, dat sy dit mag gebruik en geniet, maar dat dit wat oorbly na haar dood aan 'n spesifieke / bepaalbare persoon (die *fideicommissarius*) moet gaan.<sup>72</sup> Die langsliewende sal in hierdie geval geregtig wees om sekere van die bates te vervreem, maar tensy daar uitdruklik in die testament bepaal is dat alle bates vervreem kan word, mag dit nie gedoen word nie.<sup>73</sup> Ingevolge die gemenerereg is die *fideicommissarius* geregtig op 'n kwart van die goedere by die dood van die langsliewende (*fiduciarius*).<sup>74</sup>

In die hedendaagse Suid-Afrikaanse boedelbeplanning word hierdie boedelbeplanningstegniek nie meer so geredelik gebruik nie. Boedelbeplanners is vandag meer geneig om die bates in 'n trust te plaas en dít ingevolge die trustakte binne die familieverband te hou.

#### 2.2.4.3 Jaargeld

Jaargeld kan soos volg omskryf word: (a) 'n vaste jaarlikse betaling; (b) wat herhalend is;<sup>75</sup> en (c) wat afgeskryf word teen 'n persoon, eiendom of fonds.<sup>76</sup>

Gevolgtlik kan daar in 'n gesamentlike testament bepaal word dat daar aan die langsliewende jaargelde bemaak wat deur 'n begunstigde van die gesamentlike testament betaal moet word.<sup>77</sup> 'n Variasie op hierdie jaargeld is, dat die gesamentlike testament kan bepaal dat 'n begunstigde 'n sekere bedrag eenmalig aan die langsliewende moet betaal.<sup>78</sup>

#### 2.2.5 Adiasie

By die dood van die eerssterwende moet die langsliewende testateur(s) 'n keuse uitvoer, naamlik om die bevoordeling ingevolge die testament te adieer of te

---

<sup>71</sup> Davies *The Taxpayer* 46; Anoniem 1992 *The Taxpayer* 65.

<sup>72</sup> Davies *The Taxpayer* 47; Abrie ea *Boedels* 93.

<sup>73</sup> Die doel en effek, as gevolg hiervan is om die *fiduciae* die reg te gee om te doen met die bemaking soos wat hy/sy goed dink, soos met sy/haar eie bates, gedurende sy/haar leeftyd. Maar verbied hom om dit wat oorbly aan sy/haar begunstigdes te bemaak; die deel wat oorbly moet gaan aan die begunstigdes soos bepaal deur die testateur.

<sup>74</sup> Abrie ea *Boedels* 2<sup>de</sup> uitg. 93; Davies 1965 *The Taxpayer* 46; Anoniem 1992 *The Taxpayer* 65.

<sup>75</sup> Die testament kan bepaal dat 'n bedrag jaarliks of maandeliks aan die langsliewende betaalbaar is.

<sup>76</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 67; Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 36.

<sup>77</sup> Abrie ea *Boedels* 195.

<sup>78</sup> Abrie ea *Boedels* 95.

repudieer. Waar sy die bevoordeling adieer, sal haar bates wat deel vorm van die saamgesmelte boedel ook vererf word en gevolglik moet sy daarvan afstand doen.<sup>79</sup> Na adiasie is die langslewendes gebonde aan die bepalings van die gesamentlike testament en kan sy nie 'n testament opstel waarin daar anders oor die saamgevoegde bates beskik word as wat in die gesamentlike testament bepaal is nie.<sup>80</sup>

Waar sy egter die bevoordeling repudieer, misluk die boedelsamesmelting. Die langslewende testateur behou haar eie bates, maar verloor enige reg op die bevoordeling wat sy sou ontvang ingevolge die gesamentlike testament.<sup>81</sup> Verder is dit ook moontlik dat enige een van die testateurs van die gesamentlike boedel, hierdie testament kan herroep, met of sonder die ander testateurs se kennis. Deur die herroeping van die gesamentlike boedel verloor die testateur enige reg op 'n bevoordeling ingevolge die gesamentlike testament.<sup>82</sup>

Waar die langslewende die bemaking, repudieer is die uiteindelijke begunstigdes dadelik geregtig op die bevoordeling soos vervat in die testament tensy daar uitdruklik in die testament 'n klousule vervat is, wat anders dui.<sup>83</sup>

Sou die langslewende na *dies cedit* maar voordat sy haar keuse uitgeoefen het, te sterwe kom, word die eksekuteur van haar boedel met die uitoefening van die keuse belas.<sup>84</sup> In die geval waar die langslewende gesekwestreer is, sal die kurator van haar boedel verantwoordelik wees om die bevoordeling te aanvaar of repudieer.<sup>85</sup>

### **3 Boedelbelasting**

Om die boedelbelasting gevolge van boedelsamesmelting te analiseer, word daar gekyk na hoe boedelbelasting bereken word, die verskil tussen eiendom en geagte eiendom by 'n persoon se dood, boedelbelastingvrystelling asook hoe boedelbelasting bereken sal word op 'n beperkte reg.

---

<sup>79</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 437; Jooste RD 1988 *Income Tax Reporter* 5.

<sup>80</sup> Abrie ea *Boedels* 53; Lourens 2000 *THRHR* 423.

<sup>81</sup> Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 56; Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 441; Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

<sup>82</sup> *Receiver of Revenue v Hancke* 1915 AD 64 72; Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 436 – 437; Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

<sup>83</sup> Corbett ea *The Law of Succession in South Africa* 440.

<sup>84</sup> Lourens 2000 *THRHR* 422.

<sup>85</sup> Lourens 2000 *THRHR* 422.

Kragtens die *Boedelbelastingwet*<sup>86</sup> word boedelbelasting teen 20% (twintig persent) van die netto boedel<sup>87</sup> betaal. Die eerste R3 500 000,00 (drie en 'n half miljoen rand) is egter vrygestel van boedelbelasting<sup>88</sup> en gevolglik word boedelbelasting eers bereken op die bedrag hoër as R3 500 000,00 (drie en 'n half miljoen rand).<sup>89</sup> Die algemene reël is dat boedelbelasting deur die boedel van die oorledene betaal word.<sup>90</sup>

Die bestorwe boedel bestaan meestal ook uit geagte eiendom wat nie gewoonweg as deel van oorledene se boedel beskou word nie. Artikel 3(3) van die *Boedelbelastingwet* bepaal dat die volgende as geagte eiendom van die oorledene beskou sal word: (a) binnelandse polisse wat op die lewe van die oorledene uitgeneem was;<sup>91</sup> (b) eiendom wat deur die oorledene geskenk was wat ingevolge artikel 56(1)(c) of (d) van die *Inkomstebelastingwet* vrygestel is;<sup>92</sup> (c) 'n aanwas-eis teen die langsewende gade ingevolge artikel 3 van die *Wet op Huweliksgoedere*;<sup>93</sup> eiendom waaroor die oorledene onmiddellik voor sy dood bevoeg was vir sy eie voordeel of vir die voordeel van sy boedel beskik het.<sup>94</sup> Sou boedelbelasting betaalbaar wees weens die geagte eiendom, word daardie gedeelte van die boedelbelasting *pro rata* verdeel en word die begunstigde van die “geagte eiendom” aanspreeklik gehou vir daardie gedeelte van die boedelbelasting wat betaalbaar is.<sup>95</sup>

Sedert 1 Januarie 2010 bepaal artikel 4A<sup>96</sup> dat hierdie aftrekking vermeerder as die oorledene 'n gade (of gades) gehad het wat voor hom/haar oorlede is.<sup>97</sup> In hierdie geval word die belasbare bedrag van die boedel bepaal deur die R3 500 000,00 te maal met twee en van die netto waarde van die boedel af te trek.<sup>98</sup> Hierdie bedrag

---

<sup>86</sup> *Boedelbelastingwet* 69 van 1989.

<sup>87</sup> Die som van die totale eiendom van die oorlede asook eiendom geag eiendom te wees van die oorledene op datum van afsterwe min alle aftrekkings waarvoor daar voorsiening gemaak word in A 4 en 4 A van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>88</sup> Sedert 1 Maart 2007.

<sup>89</sup> Die som van die totale eiendom van die oorlede asook eiendom geag eiendom te wees van die oorledene op datum van afsterwe min alle aftrekkings waarvoor daar voorsiening gemaak word in artikel 4 en 4A van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>90</sup> Abrie ea *Boedels* 196.

<sup>91</sup> A (3)(3)(a) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>92</sup> A (3)(3)(b) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>93</sup> A (3)(3)(cA) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>94</sup> A (3)(3)(d) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>95</sup> A 13 van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>96</sup> *Belastingwysigingswet* 17 van 2009

<sup>97</sup> Davies, ea *Estate Planning* 9-4(1) – 9-(2).

<sup>98</sup> A 4A(2) van die *Boedelbelastingwet*.

van R7 miljoen word verminder met die waarde<sup>99</sup> van die eerssterwende se aftrekking van die netto waarde van die eerssterwende gade se boedel in terme van artikel 4A soos wat die aftrekking van toepassing was ten tyde van die eerssterwende gade se afsterwe.<sup>100</sup>

In die gevalle waar die oorledene een van die gades was, van 'n vooroorlede gade, moet die belasbare bedrag, ingevolge artikel 4A(3) bepaal word. Die netto waarde van die vooroorlede gade se netto boedel word afgetrek en daardie bedrag word dan verdeel tussen die hoeveelheid gades wat oorbly.<sup>101</sup> Daardie bedrag kan dan bygetel word by die R3 500 000,00 van die laaste oorlede gade om haar artikel 4A vrystelling te bereken.<sup>102</sup>

### **3.1 Die waarde van 'n beperkte reg**

Artikel 3(2)(a) van die *Boedelbelastingwet* bepaal dat enige beperkte reg wat ten tye van 'n persoon se dood in sy boedel is, as eiendom geag word. Om hierdie rede is dit belangrik om die waarde van hierdie beperkte reg in 'n persoon se boedel ten tye van afsterwe te bereken. By die dood van die houer van die beperkte reg moet die waarde van hierdie beperkte reg wat nou aan iemand anders oorgedra word - as óf 'n beperkte reg óf volle eiendomsreg - se waarde bereken word, aangesien dié reg belasbaar is ingevolge artikel 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*. Dit is ook belangrik om die waarde van die beperkte reg te bereken by die dood van die skepper van hierdie beperkte reg.<sup>103</sup>

Die waarde van 'n beperkte reg in die langsliewende se boedel word ingevolge artikel 5(1)(b)<sup>104</sup> bereken deur die waarde van so 'n beperkte reg te bereken met markwaarde van die eiendom te kapitaliseer, om sodoende die jaarlikse waarde van die beperkte reg te bekom.<sup>105</sup> Hierdie jaarlikse waarde word dan vermenigvuldig met die lewensduur van die persoon of met die tydperk waarop die begunstigde geregtig is op hierdie beperkte reg.

---

<sup>99</sup> Ingevolge A 4A(4) mag hierdie bedrag nie meer wees as R3 500 000,00 nie.

<sup>100</sup> A 4A(2) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>101</sup> Marx 2009 <http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=50049>.

<sup>102</sup> Davies, ea *Estate Planning* 9-4(1) – 9-(2).

<sup>103</sup> Hierdie waarde wat bereken word by die dood van die skepper word gebruik om boedelbelasting te bereken in sy boedel.

<sup>104</sup> A 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*. Asook artikel 5(1)(f) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>105</sup> Anoniem 1994 *The Taxpayer* 21.

Artikel 5(1)(b) maak voorsiening vir vier verskillende gevalle, naamlik:

- i) die hoofbepaling van artikel 5(1)(b) waar die nuwe begunstigde op die reg van genot geregtig word;<sup>106</sup>
- ii) die eerste voorbehoudsbepaling - waar die nuwe begunstigde oorspronklik die eiendom gekoop het, terwyl dit nog met die oorledene se vruggebruik beswaar was;<sup>107</sup>
- iii) die tweede voorbehoudsbepaling - waar die nuwe begunstigde reeds die blote eienaar is;<sup>108</sup> en
- iv) waar die nuwe begunstigde nie bepaal is nie.<sup>109</sup>

Daar sal in hierdie skripsie egter net aandag gegee word aan punt i en iii.

### 3.1.1 Die hoofbepaling van artikel 5(1)(b)

In ooreenstemming met artikel 29 van die *Boedelbelastingwet*, is daar by die regulasies van hierdie wet twee tabelle ingevoeg om die waardering van jaargeld, fidusiêre reg, regte van vruggebruik of ander beperkte regte op eiendom, in die boedels van afgestorwe persone te bereken. Tabel A bepaal die verwagte lewensduur en die waarde van R1 per jaar vir die res van die houer van 'n beperkte reg se lewensduur. Hierdie waarde word dan gekapitaliseer teen 12 persent van die markwaarde van die eiendom op datum van die oorledene se dood.

Veronderstel Mnr Jacobs sterf op 1 Januarie 2012 en bemaak aan Sarie, sy dogter, wat 25 jaar<sup>110</sup> oud is, 'n vruggebruik ten gunste van die eiendom by die see wat R2 500 000.00 werd is. Hierdie vruggebruik word dus aan Sarie bemaak vir die res van haar lewe.

Eerstens moet die waarde van die eiendom gekapitaliseer word met 12 persent.

---

<sup>106</sup> Sien die volledige bespreking in par 3.1.1.

<sup>107</sup> Sien die volledige bespreking in par 3.1.2.

<sup>108</sup> Sien die volledige bespreking in par 3.1.3.

<sup>109</sup> Hierdie aspek van A 5(1)(b) is egter nie van belang vir hierdie onderwerp en is dit genoegsaam om net kennis te neem van hierdie voorbehoud.

<sup>110</sup> Die ouderdom van 'n begunstigde van 'n beperkte reg word bereken as die verjaarsdag na die datum waarop die reg verkry is. Met ander woorde sou die persoon 55 jaar en 1 dag oud wees op die datum waarop sy geregtig word op die beperkte reg word sy geag as 56, vir doeleindes om die markwaarde van die beperkte belang uit te werk.



$$= R2\ 500\ 000.00 \times 12\%$$

$$= R300\ 000.00$$

Tweedens moet die waarde van R1.00 per jaar vir die res van die begunstigde se lewensduur bereken word. Om dit te bereken word daar eenvoudig op Tabel A gekyk vir die waarde – onthou daar word gekyk na die waarde op haar volgende verjaarsdag.

$$26 \text{ jaar se vroulike waarde is } R8\ 299.81$$

Laastens word die gekapitaliseerde waarde met die R1.00 waarde vermenigvuldig om die waarde van die vruggebruik te bereken.

$$= R300\ 000.00 \times R8\ 299.81$$

$$= R2\ 489\ 943.00$$

Gevolglik is die waarde van die vruggebruik R2 489 943.00 en die blooteiendomsreg oor die eiendom slegs R10 057.00.

Tabel B word gebruik waar 'n beperkte reg vir 'n spesifieke tydperk toegestaan word. Soos in Tabel A hierbo word die waarde van R1.00 in die tabel voorsien en word dit gemenigvuldig met die gekapitaliseerde markwaarde van die eiendom.

Veronderstel X bemaak aan sy seun 'n vruggebruik oor Erf 925 Noordheuwel Uitbreiding 4 Dorpsgebied vir 'n tydperk van 15 jaar. Hierdie eiendom se markwaarde op datum van X se dood was gewaardeer vir R2 500 000.00. Om die waarde van die vruggebruik te bereken word daar weereens soos by die eerste voorbeeld die gekapitaliseerde waarde van die eiendom uitgewerk, wat R300 000.00<sup>111</sup> is.

Tweedens word die R1.00 waarde uitgewerk deur in Tabel B te kyk: 15 jaar se R1.00 waarde vir 'n man is R8 310.29. Hierdie R1.00 waarde word dan vermenigvuldig met die gekapitaliseerde waarde om die waarde van die vruggebruik te bereken:

$$= R300\ 000.00 \times R8\ 310.29$$

$$= R2\ 493\ 087.00$$

---

<sup>111</sup> R2 500 000 x 12% = R300 000.

Gevolgtlik is die waarde van die vruggebruik R2 493 087.00 en die waarde van die vruggebruik die verskil.

Sou die oorledene 'n beperkte reg bemaak aan 'n maatskappy, beslote korporasie of trust sonder om 'n tydperk aan die beperkte reg te bind, word daar geag dat die tydperk waarop hierdie maatskappy, beslote korporasie of trust op hierdie beperkte reg geregtig is, 50 jaar is en gevolglik word Tabel B gebruik.

### 3.1.2 *Die tweede voorbehoudbepaling van artikel 5(1)(b)*

Die waarde van die beperkte belang in die boedel van die oorledene is beperk tot die verskil tussen die billike markwaarde van die eiendom betrokke op datum van dood en die waarde van die blooteiendomsreg in daardie eiendom toe die oorledene die beperkte reg bekom het, met die voorbehoud dat die blooteiendomsreghouer volle eiendomsreg op die dood van die oorledene bekom.<sup>112</sup>

### 3.1.3 *Berekening van die waarde van 'n beperkte reg*

In die boedel van 'n persoon wat die beperkte reg geskep het, is die eiendom gewone eiendom van die oorledene en is ingevolge die eerste gedeelte van artikel 3(2) belasbaar – die eiendom sal in die oorledene se likwidasië- en distribusierekening verskyn

In die boedel van die persoon wat die beperkte reg geniet het, of wat eienaar van die beperkte reg was, sal die beperkte reg nie deel van sy gewone boedelbates uitmaak nie. Wanneer daar gehandel word met die boedel van die persoon wat die belang geniet het, is sodanige beperkte belang per definisie in die *Wet op Boedelbelasting* eiendom van die oorledene en die waarde daarvan verskyn slegs in die boedelbelastingrekening en nie in die likwidasiërekening nie.<sup>113</sup>

Die beperkte belang wat nou op 'n ander oorgaan het, is 'n waarde wat belasbaar is volgens die *Wet op Boedelbelasting*.

Gevolgtlik word daar bepaal dat begunstigde aanspreeklik is vir die boedelbelasting betaalbaar ten opsigte van daardie gedeelte wat hy "erf". Juis om hierdie rede is dit belangrik om die waarde van die beperkte reg uit te werk.

---

<sup>112</sup> A 5(1)(b)(ii) van die *Boedelbelastingwet*; Urquhart Vol 7 *SA Company Law Journal* 73.

<sup>113</sup> A 3(2)(a) van die *Boedelbelastingwet*.

### 3.2 Artikel 4(q) vrystellings

Voor die inwerkingtreding van artikel 4(q) was daar geen aftrekking toelaatbaar in die eerssterwende se boedel vir die bemaking van 'n vruggebruik aan die langsewende gade nie – maar die aftrekking van die waarde van die vruggebruik oor die eerssterwende se aandeel van die saamgesmelte boedel was toelaatbaar in die boedel van die langsewende gade.<sup>114</sup>

Artikel 4(q)<sup>115</sup> is bekend gestel in 1985. Tot en met die wysiging van hierdie artikel in 1987 was hierdie artikel 4(q)<sup>116</sup> vir gades wat boedelsamesmelting wou bewerkstellig, 'n aanloklike uitweg om boedelbelasting te bespaar.<sup>117</sup> Hierdie besparing vind plaas wanneer artikel 4(q) en (m) (soos wat dit was voor die 1987 wysiging) saamgelees word. Die twee sub artikels saam magtig 'n aftrekking van die waarde van die vruggebruik waar dit vanaf die gade se boedel oorgedra word na die langsewende gade s'n, weens die adiasie van boedelsamesmelting.<sup>118</sup>

Hierdie aftrekking wat ingevolge artikel 4(q) toegestaan was, is beperk deur die 1987 wysigings.<sup>119</sup> Artikel 4(q)<sup>120</sup> lees soos volg:

Soveel van die waarde van enige eiendom in die boedel ingesluit wat nie in gevolge die voorgaande bepalings van hierdie artikel as 'n korting toegelaat is nie, as wat aan die langsewende gade van die oorledene toeval: met dien verstande dat-

- (i) die korting wat kragtens die bepalings van hierdie paragraaf toegelaat mag word, verminder moet word met soveel van 'n bedrag as wat die langsewende gade ingevolge die testament van die oorledene verplig word om aan enige ander persoon of trust te vervreem
- (ii) ...<sup>121</sup>

Hierdie voorbehoud veroorsaak probleme ten aansien van die interpretasie.<sup>122</sup> In die geval van boedelsamesmelting met 'n vruggebruik in die guns van die langsewende

<sup>114</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.

<sup>115</sup> Van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>116</sup> Hierdie artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet* voor die wysiging in 1987, het 'n aftrekking toegestaan vir die bepaling van die netto waarde van 'n boedel: (soveel van) die waarde van enige eiendom, ingesluit in die boedel, wat nie toegestaan was as 'n aftrekking onder die voorafgaande bepalings van hierdie artikel, soos toegekome aan die langsewende gade van die oorlene.

<sup>117</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 10.

<sup>118</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 10.

<sup>119</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 11.

<sup>120</sup> A 4(q) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>121</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 11. Die woord "bedrag" in die eerste voorbehoud het betrekking met die woord "waarde" in die hoof deel van artikel 4(q).

<sup>122</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.

gade – moet die aanwas aan die langsewende gade verminder word met die waarde van die vervreemding deur die langsewende gade as gevolg van adiasie.<sup>123</sup> In die omstandighede waar 'n aftrekking ingevolge artikel 4(q) toegestaan word by die bemaking van 'n vruggebruik sal die vrystelling onder subartikel 4(m) nie inwerking tree nie. Dit maak nie saak hoe groot of klein die aftrekking onder subartikel 4(q) is nie.<sup>124</sup> Artikel 4(q) bepaal dat die toevalling aan die langsewende gade, vanaf die boedel, van die eerssterwende, verminder moet word met die bedrag gelykstaande aan die beskikking wat die langsewende maak met die adiasie van boedelsamesmelting.<sup>125</sup>

In *The Taxpayer*,<sup>126</sup> kom die skrywer van die artikel tot die gevolgtrekking dat boedelbelasting verseker betaalbaar sal wees op die vruggebruik van die langsewende gade op sy/haar dood, terwyl die aftrekbare bedrag baie kleiner in die boedel van die eerssterwende s'n was.

Hieruit kom die probleem van die toepassing van artikel 4(m) te vore.

Met die letterlike interpretasie bepaal die voorwaarde dat die aftrekking onder artikel 4(q) nul is, alhoewel daar 'n bemaking of toevalling aan die langsewende gade is, maar as gevolg van die werking van die voorwaarde van artikel 4(q) is die waarde nul.<sup>127</sup> Die feit bly staan waar daar 'n aftrekking was, maak nie saak hoe klein nie, onder artikel 4(q) geld die voorwaarde van artikel 4(m) wat veroorsaak dat hierdie subartikel nie in werking kan tree by die dood van die langsewende gade nie.<sup>128</sup>

Artikel 4(q) het die gevolg dat die aftrekking verminder as gevolg van die voorbehoud wat deur die beskikking gemaak word, sodra die langsewende gade deur adiasie, die beperkte of saaklike reg aanvaar. Die vraag wat gevra moet word, is: Wat is hierdie effek van artikel 4(m) op die aftrekking van die langsewende se boedel?<sup>129</sup>

Die byvoeging van die tweede voorbehoud van artikel 4(q) het ten doel om testateurs uit te oorkê met die gebruik van die aftrekking onder artikel 4(q) in die situasie waar die oënskynlike bemaking of toevalling aan die langsewende gade is,

---

<sup>123</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.

<sup>124</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.

<sup>125</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163.

<sup>126</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.

<sup>127</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163.

<sup>128</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163.

<sup>129</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 11.

maar die werklike erfgenaam is een of ander party soos die kinders.<sup>130</sup> Artikel 4(q)(ii)<sup>131</sup> bepaal:

... geen korting kragtens die bepalings van hierdie paragraaf toegelaat word nie ten opsigte van enige eiendom wat toeval aan 'n trust wat tot voordeel van die langsewende gade deur die oorledene gestig is, indien die trustee van bedoelde trust 'n diskresie het om bedoelde eiendom of enige inkomste daaruit aan iemand anders as die langsewende gade toe te wys.

Dit blyk dat die tweede voorbehoud van artikel 4(q) enige moontlikheid van 'n aftrekking, waar 'n boedelsamesmelting plaasgevind het en die oorlewende gade die enigste erfgenaam is, verhoed word. Die twee boedels binne die gesamentlike testament word met die dood van die eerssterwende saamgesmelt en in 'n diskresionêre trust geplaas waar die langsewende 'n begunstigde is.<sup>132</sup> Hierdie voorbehoud sal egter nie van toepassing wees waar daar 'n vestigingstrust gestig word en die langsewende gade die enigste begunstigde van die trust is nie.

### **3.3 Artikel 4(m): boedelbelasting verligting vir die langsewende gade**

Sedert 1 November 1987 het die situasie ten aansien van aftrekkings as gevolg van 'n beperkte reg tussen gades drasties verander.

Artikel 4(m) soos wat dit was tot en met die wysiging van 31 Oktober 1987, het dit moontlik gemaak om die waarde van enige beperkte reg, insluitend geagte eiendom van die oorledene af te trek van die netto waarde wanneer boedelbelasting bereken word.<sup>133</sup> As so 'n belang of reg wat deur die vooroorlede gade van die nou oorledene gade gestig is, en die eiendom waaroor hierdie nou oorlede gade 'n belang of reg geniet het, wat deel gevorm het van die boedel van die vooroorlede gade, word hierdie waarde van die beperkte reg vrygestel, vir boedelbelasting doeleindes.

Gevolgtik as die langsewende gade adieer en 'n vruggebruik ontvang oor die eiendom van die eerssterwende inruil vir haar boedel dan, met die langsewende gade se dood, sal die enigste bates wat vir boedelbelasting doeleindes belas kan word, die geagte skikking in terme van artikel 3(4)(a) wees.<sup>134</sup>

---

<sup>130</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163.

<sup>131</sup> A 4(q)(ii) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>132</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 13.

<sup>133</sup> Soos bespreek in par 3.1.

<sup>134</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 9-10.

Verder beteken dit dat as die waarde van die vruggebruik wat deur die langsewende gade by adiasie ontvang is, méér was of gelyk was aan die waarde van die eiendom wat vervreem is deur die langsewende gade, daar geen geagte skenking in terme van artikel 3(4)(a) is nie <sup>135</sup> en sal daar dan ook geen boedelbelasting aanspreeklikheid wees vir die langsewende gade nie. <sup>136</sup>

Maar ten aansien van die boedel van enige persoon wat op of na 1 November 1987 sterf, werk die aftrekking in terme van artikel 4(m) <sup>137</sup> soos volg en is dit soos volg beperk:

Die waarde van 'n vruggebruik of ander soortgelyke belang in eiendom en van enige reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is, wat as eiendom van die oorledene kragtens artikel 3(2)(a) ingesluit is, indien bedoelde belang of reg deur 'n vooroorlede gade van die oorledene geskep is en –

- (i) die eiendom waaroor daardie belang of reg geniet het deel van die boedel van die vooroorlede gade uitgemaak het; en
- (ii) geen korting ten opsigte van die waarde van daardie belang of reg by die bepaling van die netto waarde van die boedel van die vooroorlede gade kragtens die bepalings van paragraaf (q) van hierdie artikel toelaatbaar was nie;

Eenvoudig gestel, word 'n aftrekking toegestaan teen die waarde van die beperkte reg, soos dit uitgewerk word onder artikel 5(1)(b) ten aansien van enige gedeelte van die vruggebruik (of ander beperkte saaklike reg) wat gehou was oor die eiendom wat deel gevorm het van die boedel van die laassterwende gade, maar net waar die vruggebruik ontstaan het deur die adieëring van die eerssterwende se testament (in die geval van die saamgesmelte boedel). <sup>138</sup> Voorbehoud (ii) van artikel 4(m) beperk egter hierdie aftrekking tot die geval waar geen korting in die eerssterwende se boedel gegee is ingevolge artikel 4(q) nie. <sup>139</sup>

Hierdie kombinasie van subartikels 4(q) en 4(m) is fataal ten aansien van gevalle waar boedelsamesmelting 'n vruggebruik vir die langsewende gades daar gestel het. <sup>140</sup>

Die doel van die wysiging is duidelik:

---

<sup>135</sup> Daar word aangeneem dat die eiendom waaroor die vruggebruik gegee word, deel was van die eerssterwende se boedel.

<sup>136</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 10.

<sup>137</sup> A 4(m) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>138</sup> Urquhart Vol 7 *SA Company Law Journal* 73.

<sup>139</sup> Artikel 4(m)(ii) van die *Boedelbelastingwet*.

<sup>140</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.

Die wetgewer, het deur artikel 4(m) die aftrekking van die vruggebruik of ander reg waar dit 'n aftrekking in die langsliewende gade se boedel ingevolge artikel 4(q) was geëlimineer en maak nou seker dat daar nie 'n dubbele aftrekking plaasvind deur dit as 'n aftrekking toe te laat ingevolge artikel 4(m) nie.<sup>141</sup>

Hoe sal die vermindering van die artikel 4(q) aftrekking in terme van die eerste voorbehoud van artikel 4(q) die beskikking deur die langsliewende gade by die adiasie die aftrekking in terme van artikel 4(m) affekteer?<sup>142</sup>

Volgens artikel 4(m) word net die aftrekking van die vruggebruik toegelaat, waar daar geen aftrekking in terme van artikel 4(q) was nie, of is slegs die deel van die waarde van die vruggebruik aftrekbaar?<sup>143</sup>

Die korrekte konstruksie van voorbehoud (i) van artikel 4(q) het 'n belangrike gevolg op die toepassing van artikel 4(m) wat 'n aftrekking toelaat in die boedel van die laassterwende gade.<sup>144</sup>

Voorbehoud (ii) soos wat dit lees, maak geen voorsiening vir 'n aftrekking waar daar 'n aftrekking onder artikel 4(q) in die eerssterwende se boedel was nie.<sup>145</sup>

As daar 'n aftrekking was in die eerssterwende se boedel ingevolge artikel 4(q), maak nie saak hoe klein nie, mag daar geen aftrekking wees onder artikel 4(m) ten opsigte van die vruggebruik in die eerssterwende se boedel nie.<sup>146</sup> Dit kan enige beskikking wees wat deur die langsliewende gade gemaak word, wat 'n effek het of op die werking van voorbehoud (ii) van artikel 4(m).<sup>147</sup>

Hierdie situasie kan vererger waar die eerssterwende se boedel groot genoeg is om boedelbelasting af te trek. Die effek van die boedelbelastingaftrekking ten aansien van die langsliewende gade se vruggebruik word verder verswaar en geaffekteer, omdat hy of sy verplig word om 'n bedrag aan 'n persoon of trust te bemaak.<sup>148</sup>

---

<sup>141</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 12.

<sup>142</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 12.

<sup>143</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 12.

<sup>144</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 205.

<sup>145</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 205.

<sup>146</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 205.

<sup>147</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 205.

<sup>148</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 206.

Dit is ook nie moontlik vir die erfgename om die aftrekking onder artikel 4(q) in die eerssterwende se boedel te laat vaar nie, ten einde die voordeel van die vermindering onder artikel 4(m) in die langsewende se boedel te bekom nie. Die *Boedelbelastingwet* maak geen voorsiening vir keuse nie. Dit is moontlik om hierdie effek van voorbehoud (ii) van artikel 4(m) te elimineer, deur die boedel so te beplan dat daar 'n voordeel ontstaan ten opsigte van die waardasievoorwaarde. Die eerssterwende se boedel moet bepaal dat met die dood van die langsewende die reg van genot aan 'n vrywilligheidsorganisasie moet oorgaan of aan 'n begunstigde vir 'n kort tydperk. Die waarde van die vruggebruik by die dood van die langsewende gade word dan bereken oor die tydperk wat dit geniet gaan word na die dood van die langsewende gade, en in die geval waar die reg van genot oorgaan aan 'n liefdadigheidsorganisasie of fonds wat onder artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelasting wet val, word hierdie aanwas na die organisasie of fonds as 'n aftrekking toegestaan.<sup>149</sup>

Waar die waarde van die vruggebruik oor die eiendom vermeerder het by die dood van die laassterwende — die ontkenning van die bemaking onder artikel 4(m) het die effek dat die boedelbelasting betaalbaar vermeerder met tot 15% op die verskil tussen die waarde van eiendom by die afsterwe van eerssterwende en die waarde van die eiendom waarvoor die vruggebruik is by die afsterwe van langsewende (aangeneem dat die voorbehoud van toepassing is).<sup>150</sup>

### **3.4 Boedelbelasting en boedelsamesmelting in 'n neutedop**

Die kombinasie van artikel 4(q), saamgelees met artikel 4(m) is fataal in gevalle waar boedelsamesmelting 'n beperkte saaklike reg vir die langsewende daar gestel het.<sup>151</sup>

By die aftrekking onder artikel 4(q) van 'n bemaking aan die langsewende gade waar die eerssterwende 'n vruggebruik aan die langsewende bemaak het, word die waarde by die dood van die eerssterwende vrygestel van belasting en die waarde by die dood van die langsewende is ook belastingvry as gevolg van artikel 4(m). Dit het

---

<sup>149</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 206.

<sup>150</sup> Anoniem 1992 *The Taxpayer* 207.

<sup>151</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 161.



gelei tot die byvoeging van die voorbehoud aan artikel 4(m), wat ten doel gehad het om te voorkom dat daar 'n dubbele aftrekking van boedelbelasting is.<sup>152</sup>

Daar bestaan 'n mening dat artikel 4(m) gewysig moet word om die aftrekking van die waarde van die vruggebruik vry te stel tot die waarde wat meer is as die aftrekking – by die dood van die eerssterwende.<sup>153</sup> Die oorspronklike doel van artikel 4(m) was dat daar geen boedelbelasting nadeel sal wees in die bemaking van 'n vruggebruik aan die langlewende gade nie. Daar sal ook geen addisionele voordeel wees as gevolg van die aftrekking onder artikel 4(q) nie.<sup>154</sup>

Ingevolge die eerste voorbeeld wat in paragraaf 1.3 gebruik word, naamlik waar A en B binne gemeenskap van goedere getroud is, sal die eksekuteur van die gesamentlike boedel geregtig wees om die helfte van die vruggebruik se waarde af te trek as gevolg van die feit dat die langlewende die vruggebruik kry. Die boedel sal egter verantwoordelik wees vir boedelbelasting vir alles bo die bedrag van R3 500 000,00. Aan die anderkant behoort die langlewende se boedel by sy/haar dood nie boedelbelasting af te trek nie aangesien die waarde van die vruggebruik by sy/haar dood nul sal wees.

Die situasie met voorbeeld nommer 2, waar X en Y betrokke is, sal ietwat verskil met die gevolg dat geen spesiale aftrekkings gemaak kan word nie. Die eerssterwende sal gevolglik verantwoordelik wees vir boedelbelasting, indien sy/haar boedel meer as R3 500 000,00 wees.

In die hier opvolgende hoofstuk word die implikasies van skenkingsbelasting bespreek, sou boedelsamesmelting plaasvind, ingevolge die werking van artikel 37 van die *Boedelwet* asook die gevolge sou boedelsamesmelting nie plaasvind, ingevolge die artikel nie.

#### **4 Skenkingsbelasting**

As gevolg van die feit dat 'n langlewende testateur meestal 'n deel van sy/haar boedel moet beskikbaar stel in terme van die testament. Die moontlikheid betaan dat die langlewende testateur verantwoordelik gehou sal word vir skenkingsbelasting. Gevolglik is een van die potensiële gevare van

---

<sup>152</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163.

<sup>153</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163.

<sup>154</sup> Anoniem 1991 *The Taxpayer* 163 – 164.

boedelsamesmelting dat die langsliewende 'n bate moet vervreem teen 'n nie-markverwante waarde wat in werklikheid minder is as die billike markwaarde van die bate. Skenkingsbelasting sal dan teen 20% bereken word op die verskil tussen die billike markwaarde van die bate en die waarde van die "reg" wat die langsliewende ontvang het.<sup>155</sup> Om hierdie rede is dit belangrik om eerstens vas te stel wat 'n "skenking" sal behels en watter moontlike vrystellings daar kan wees vir die langsliewende testateur.

#### 4.1 Die heffing van geskenkebelasting

Volgens Steyn<sup>156</sup> word 'n skenking omskryf as:

'n Kontrak waarvolgens 'n persoon wat onder geen verpligting is om so 'n bemaking te maak nie, ooreenkom uit vrygewigheid of grootmoedigheid om iets vry van enige vergoeding aan 'n ander persoon te gee.

Die kern van 'n skenking is dus dat so 'n skenking heeltemal vrywillig aan die kant van die skenker moet wees deurdat die ontvanger van die skenking verryk word en die skenker verarm word.<sup>157</sup> In *Overstone v Secretary for Inland Revenue*<sup>158</sup> word 'n skenking ingevolge die gemenerereg beskryf as 'n "vrygewigheid" aan die skenker se kant. Sou die skenker nie handel uit vrygewigheid nie, óf waar die ontvanger enige teenprestasie moet lewer ten opsigte van die bemaking, dán is dit nie 'n skenking nie.<sup>159</sup>

In teenstelling hiermee, bepaal artikel 55(1)<sup>160</sup> van die *Inkomstebelastingwet* dat 'n skenking "enige gratis oormak van eiendom of gratis afstanddoening van 'n reg" is en gevolglik sal skenkingsbelasting verhaal word solank die skenking vrywillig was. Die feit of hierdié skenking "vrygewig" was, volgens die *Inkomstebelastingwet*, speel geen rol nie. Daar word verder in artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet* verwys na

---

<sup>155</sup> Stein 1987 *Tax Planning* 59. Dit is ook van belang om te noem dat 'n persoon wat 'n eiendom skenk, gewoonlik woonagtig is in Suid-Afrika, sal skenkingsbelasting betaal maak nie saak waar die eiendom geleë is – daar bestaan wel sekere uitsonderings naamlik: waar sekere buitelandse eiendom aangeskaf is deur immigrante voor hul vir die eerste keer gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika was, waar hul dit geërf het of waar dit aan hul geskenk is nadat hul gewoonlik woonagtig geword het in Suid-Afrika.

<sup>156</sup> Stein 1987 *Tax Planning* 59. Die *Wet op Inkomstebelasting* gee geen formele beskrywing van "skenking" nie en om hierdie rede word die gemeenregtelike beskrywing gebruik vir "skenking".

<sup>157</sup> Jordaan *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 674 en Stein *Estate Duty "Principles and Planning* 83.

<sup>158</sup> *Overstone v Secretary for Inland Revenue* 736. Sien ook ITC 1545 op bladsy 54.

<sup>159</sup> Williams 2004 *SALJ* 43; Jooste 2004 *SALJ* 745.

<sup>160</sup> A 55(1) van die *Inkomstebelastingwet*.

'n beskikking "teen 'n vergoeding".<sup>161</sup> As artikel 55(1) en artikel 58 saamgelees word, word die eiendom wat teen 'n onvoldoende bedrag vervreem word, as 'n *pro tanto* geagte skenking geag.<sup>162</sup>

Die *dictum* in *ITC 1387*<sup>163</sup> ondersteun die siening dat artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet* gevolg moet word by die adiasie deur die langsliewende testateur:

Die langsliewende het 'n keuse om óf te adieer óf te repudieer. Myns insiens is sy adiasie 'n beskikking in terme van art 58 en die vergoeding wat hy daarvoor gekry het, is tereg deur die Kommissaris as synde nie voldoende te wees nie. Myns insiens was die Kommissaris korrek in sy bevinding dat die beskikking binne die trefwydte van artikel 58 van die Wet plaasgevind het.

Gevolglik word skenkingsbelasting ingevolge die *Inkomstebelastingwet* betaal sodra daar 'n bemaking gemaak word teen 'n onvoldoende waarde.<sup>164</sup>

Die hof bevind gevolglik dat 'n beskikking weens adiasie deur die langsliewende testateur nie 'n testamentêre beskikking is nie en om hierdie rede val dit binne die bestrek van artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet*. Jooste<sup>165</sup> is egter van mening dat hierdie *dictum* nie in vandag se praktyk toegepas word nie en sou die hof bevind het dat dit wel 'n testamentêre beskikking is en sodoende sal alle moontlike skenkingsbelasting bewerings uit die weg geruim gewees het.

Volgens Jooste,<sup>166</sup> is die departementele gebruik, wat deur die SAID gebruik word, verkeerd omdat SAID die skenking deur die langsliewende testateur ten volle belas en nie slegs die waarde van die beperkte reg wat hy/sy inruil daarvoor ontvang, afgetrek word nie..<sup>167</sup>

Jooste meen dat die departementele gebruik nie aan die vereistes van hierdie voorbehoud voldoen nie.<sup>168</sup> Die vervreemding deur die langsliewende voldoen duidelik nie aan die vereistes van artikel 55 van die *Inkomstebelastingwet* nie – aangesien daar 'n algehele vrygewigheid in die bemaking van die skikking moet

---

<sup>161</sup> Anoniem 1989 *The Tax Payer* 60.

<sup>162</sup> Artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet* bepaal: "Die bedrag van die geagte skenking is die waarde van die eiendom min die vergoeding betaal deur die persoon wat dit ontvang". Uguhart Vol 7 S.A Company Law Journal 7; Anoniem 1989 *The Taxpayer* 59 – 60.

<sup>163</sup> *ITC 1387* 46 SATC 121

<sup>164</sup> Williams RC 2004 *SALJ* 44.

<sup>165</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 7.

<sup>166</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

<sup>167</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

<sup>168</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

wees.<sup>169</sup> Hierdie skenking word nie gemaak sonder dat die skenker iets daarvoor in ruil ontvang nie.<sup>170</sup> Die langsewende maak dus duidelik 'n vervreemding vir 'n teenwaarde en daarvoor is hierdie noodsaaklike elemente nie teenwoordig nie.<sup>171</sup>

In effek word daar geargumenteer dat die geagte donasie in elk geval bepaal moet word as die verskil tussen die billike markwaarde van die langsewende se boedel ten tye van die dood van die eerssterwende en die waarde van die vruggebruik of ander beperkte reg wat hy of sy ontvang oor die bates in die saamgesmelte boedel – gekapitaliseer teen 12%, soos bepaal in artikel 5(1) van die *Boedelbelasting wet* en 62 van die *Inkomstebelasting wet*.<sup>172</sup>

Aangesien die departementele gebruik geen regsfondasie in die omskrywing van skenking in artikel 55 van die wet het nie, is die enigste ander basis waarop daar gesteun kan word artikel 58 van die wet.<sup>173</sup> Weereens word daar gefouteer hiervan gebruik te maak, aangesien daar verwag word dat die Kommissaris van SAID<sup>174</sup> die voordeel aan die langsewende in berekening sal bring, wanneer die skenkingsbedrag bereken word.<sup>175</sup>

In *Cape Income Tax Special Court* het Regter Fegan soos volg bevind:

It passes our understanding how it could ever have been thought that in determining the adequacy of the consideration where the surviving testator elects to allow his property to devolve in terms of the first-dying's will, any benefit derived from the first-dying's estate should be disregarded as consideration for the purpose of section 58 of the Income Tax Act. That benefit is tied to adiation – a most elementary proposition in the law of wills.<sup>176</sup>

Gevolglik kom daar tot die gevolgtrekking dat die *dictum* van *ITC 1387* geen waarde vandag meer het nie.

Sou dit nou vasgestel word dat daar wel skenkingsbelasting betaalbaar is, bepaal artikel 3(4)(a) en (b) van die *Boedelbelastingwet* dat skenkingsbelasting deur die langsewende testateur betaal sal word.<sup>177</sup> Volgens Fredman, is die

---

<sup>169</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6. Die skenking moet gemaak word, sonder dat daar enigiets inruil daarvoor terug ontvang word.

<sup>170</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

<sup>171</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 6.

<sup>172</sup> Urquhart Vol 7 *SA Company Law Journal* 73.

<sup>173</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 7.

<sup>174</sup> Suid-Afrikaanse Inkomste Diens.

<sup>175</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 7.

<sup>176</sup> Anoniem 1989 *Tax Payer* 56.

<sup>177</sup> Die skenkingsbelasting sal betaal word op die verskil tussen die waarde van die skenking en die waarde wat die langsewende ontvang het.

boedelbelastingvoordeel wat normaalweg aan boedelsamesmelting toegeken word net 'n "illusie" weens hierdie feit dat die langsewende verantwoordelik is vir skenkingsbelasting.<sup>178</sup>

Daar bestaan egter 'n ligpunt. Artikel 56 van die *Inkomstebelastingwet* maak voorsiening dat 'n skenking vrygestel<sup>179</sup> sal wees van skenkingsbelasting mits die:

(1)(b) Skenking aan *of tot voordeel van die skenker se gade* word ook van skenkingsbelasting vrygestel, op voorwaarde dat die partye nie ingevolge 'n wetlike bevel of 'n notariële akte van skeiding geskei is nie ...

Oosthuizen<sup>180</sup> bepaal dat die woorde "of tot voordeel van die skenker se gade" beteken dat 'n skenking aan 'n trust<sup>181</sup> waar die begunstigde (in hierdie geval die langsewende gade) net gevestigde regte het, ook vrygestel sal wees van skenkingsbelasting.

In bogenoemde gevalle word die bates in 'n *mortus causa* trust gestort, ingevolge die bepalings van die gesamentlike boedel, en deur die aangewese trusteees geadministreer ten behoeve van die langsewende en ander begunstigdes.<sup>182</sup> Die testateurs sal in die testament 'n belangrike besluit moet neem en bepaal of die trust 'n bewindtrust<sup>183</sup> of 'n diskresionêre<sup>184</sup> trust gaan wees. Die tipe trust wat die testateurs oprig, sal bepaal of die begunstigdes enige regte volgens die testament het en dus sal die bepalings van die testament bepaal wat die gevolge van die trust sal wees. Verder sal dit ook bepaal of die eerssterwende se boedel vrygestel sal wees van boedelbelasting op hierdie trustbedrag.<sup>185</sup>

---

<sup>178</sup> Urquhart Vol 7 *SA Company Law Journal* 73; Fredman 1979 *Modern Business Law* 109.

<sup>179</sup> Jooste 2004 *SALJ* 745.

<sup>180</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 676.

<sup>181</sup> Alhoewel 'n trust nie *per se* 'n beperkte reg is, soos omskryf, word dit in hierdie artikel bespreek aangesien die langsewende soms 'n gevestigde reg in 'n trust kry waar boedelsamesmelting plaasvind.

<sup>182</sup> Die bepalings van die trustakte word geregleer deur die *Wet op die Beheer oor Trustgoed 57* van 1988.

<sup>183</sup> Die begunstigdes het vasgestelde regte in die kapitaal en/of inkomste van die trust.

<sup>184</sup> Die gevolg van 'n diskresionêre trust is dat die trusteees van die trust 'n diskresie het en gevolglik kan kies of hulle enige inkomstes aan die langsewende gade gaan uitbetaal.

<sup>185</sup> Artikel 4(q)(ii) lees soos volg : geen korting kragtens die bepalings van hierdie paragraaf toegelaat word nie ten opsigte van enige eiendom wat toeval aan 'n trust wat tot voordeel van die langsewende gade deur die oorledene gestig is, indien die trustee van bedoelde trust 'n diskresie het om bedoelde eiendom of enige inkomste daaruit aan iemand anders as die langsewende gade toe te wys.

Die gevolge van boedelsamesmelting, tussen gades, wat nie behoorlik ingevolge artikel 37<sup>186</sup> plaasgevind het nie, het die gevolg dat die langsliewende sy/haar boedel laat vererf sonder om enigiets inruil daarvoor terug te ontvang, sal hy/sy verantwoordelik wees skenkingsbelasting, weens die feit dat die huwelik tussen die twee gades die oomblik beëindig is, toe die eersterwende gesterf het.

## 4.2 *Algemene terme en voorwaardes van skenkings*

### 4.2.1 Skenkings tussen gades getroud binne gemeenskap van goedere

Artikel 57A van die *Inkomstebelastingwet* bepaal dat skenkings, deur gades getroud binne gemeenskap geag word as synde gelyke dele deur elk van die gades gemaak.<sup>187</sup> Wanneer 'n vrou 'n skenking van R50 000 uit die gesamentlike boedel maak, word daar geag dat sy en haar man elkeen R25 000 geskenk het.

### 4.2.2 *Basiese jaarlikse vrystelling*

Artikel 56(2)(b) van die *Inkomstebelastingwet*, bepaal dat daar 'n basiese vrystelling van R100 000,00 is, wat slegs vir natuurlike persone geld.<sup>188</sup> Gevolglik kan elke persoon 'n R100 000,00 skenk, voordat skenkingsbelasting gehef sal word. Hierdie skenking geld per gade en gevolglik sal gades binne gemeenskap van goed R200 000,00 per jaar kan skenk, sonder dat enige verpligting om skenkingsbelasting te betaal, ontstaan.<sup>189</sup> Hierdie vrystelling word nie proporsioneel verminder nie, selfs al word die tydperk van die aanslag (weens die dood) verkort.<sup>190</sup>

### 4.2.3 *Betalingstydperk vir skenkingsbelasting*

Ingevolge artikels 59 en 60 van die *Inkomstebelastingwet* moet skenkingsbelasting binne drie maande vanaf die datum van skenking betaal word.<sup>191</sup> Die Kommissaris kan 'n tydperk van langer as drie maande toelaat.<sup>192</sup> Die skenker is vir die betaling van die belasting aanspreeklik. Indien hy versuim om binne die voorgeskrewe

---

<sup>186</sup> Van die *Boedelwet*.

<sup>187</sup> A 57A van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>188</sup> A 56(2)(b) van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>189</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 678.

<sup>190</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 678

<sup>191</sup> A 59 en 60 van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>192</sup> A 60(1) van die *Inkomstebelastingwet*.

tydperk te betaal, is beide die skenker en die begiftigde gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik.<sup>193</sup>

### **4.3 Toepassing van voorbeelde**

Ingevolge voorbeeld 1 sal die langsewende gade verantwoordelik wees om skenkingsbelasting te betaal op die verskil tussen sy/haar boedel wat vervreem is en die waarde van die vruggebruik wat hy/sy ontvang.

In voorbeeld 2 kan die gevolge ernstiger wees, as die bewoording van die trustakte nie reg lees nie – aangesien daar in hierdie situasie bevind kan word dat die langsewende geen waarde terug ontvang vir sy skenking nie. Die trustakte sal moet lees dat die trust 'n bewindtrust is sodat die langsewende, 'n begunstigde van die trust, 'n reg het op die kapitaal en inkomste van die trust.<sup>194</sup>

Vervolgens sal Hereregte, BTW en KWB kortliks bespreek word ten einde hul gevolge op die eerssterwende testateur, langsewende testateur en erfgename te bepaal.

## **5 Ander moontlike belastingevolge**

### **5.1 Hereregte**

Boedelsamesmelting het hereregte implikasies wanneer onroerende eiendom wat aan die langsewende behoort, vererf word. Die erfgename sal verantwoordelik wees vir hereregte op die waarde van die onroerende eiendom wat bemaak is deur die langsewende.<sup>195</sup> Sedert 23 Februarie 2011 word hereregte soos volg bereken:<sup>196</sup>

Tussen R0,00 – R600 000,00 word hereregte teen 0% gehef;

Tussen R600 00,01 – R1 000 000,00 word hereregte teen 3% gehef;

Tussen R1 000 000,01 – R1 500 000,00 word hereregte teen 5% gehef;

Vir als bo R1 500 000,00 word hereregte teen 8% gehef.

---

<sup>193</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 679.

<sup>194</sup> Sien par 4.1.

<sup>195</sup> Kilbourn 1996 *Butterworths Property Law Digest* 12.

<sup>196</sup> Ziyambi 2011 <http://sa-property.blogspot.com/2011/05/transfer-duty-and-conveyancing-fees.html>. Sedert hierdie wysiging word natuurlike persone sowel as entiteite op dieselfde skaal belas.

Enige eiendom wat aan die eerssterwende behoort het sal ingevolge artikel 9(1)(e) van die *Wet op Hereregte*<sup>197</sup> vrygestel wees van hereregte. Artikel 9(1)(e) van die *Wet op Hereregte*<sup>198</sup> bepaal:

Geen hereregte is betaalbaar nie ten opsigte van die verkryging van eiendom deur – 'n erfgenaam of legataris ten opsigte van – (i) eiendom van die oorledene wat by wyse van erfopvolging *ab intestato* of volgens testament of as gevolg an 'n herverdeling van die bates van 'n afgestorwe boedel onder likwidasië, verkry is; of (ii) die bedrag waarmee die waarde van aldus verkrygte eiendom verhoog is as gevolg van die afstand van 'n belang in of beperking op die gebruik van of beskikking oor sulke eiendom.

### 5.1.1 *Hereregte implikasies waar die langsliewende se eiendom bemaak word*

Waar partye getroud binne gemeenskap van goed en ingevolge 'n gesamentlike testament bepaal dat 'n onroerende eiendom bemaak word aan hul kinders, onderhewig aan 'n vruggebruik ten gunste van die langsliewende gade, word die ontvangs deur die langsliewende gade van die vruggebruik oor die eerssterwende se halwe aandeel van die eiendom vrygestel van hereregte in gevolge artikel 9(1)(e)(i) van die *Wet op Hereregte*.<sup>199</sup> Die ontvangs van die blote eiendomsreg oor die oorledene se een halwe aandeel deur die erfgename val ook binne die strekwydte van artikel 9(1)(e)(i) van die *Wet op Hereregte*.<sup>200</sup> Die ontvangs van die blote eiendomsreg oor die langsliewende se halwe aandeel van die eiendom word nie geag as die “eiendom van die oorledene” nie en hereregte sal, gevolglik, betaalbaar wees deur die erfgename.<sup>201</sup>

Die *Wet op Hereregte* definieer nie 'n skenking nie. Artikel 3(4)(a) van die *Wet op Hereregte* is 'n soortgelyke beperkende artikel as artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet*.<sup>202</sup> Artikel 3(4)(a) van die *Wet op Hereregte* bepaal:

Waar, benewens 'n bedrag hereregte wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is deur 'n persoon, 'n bedrag aan boete ingevolge die bepalinge van hierdie Wet deur hom betaalbaar is, word enige betaling deur daardie persoon gedoen op of na 1 April 1994 ten opsigte van daardie hereregte of boete wat minder as die totale bedrag deur hom betaalbaar ten opsigte van daardie hereregte en boete, geag by die toepassing van hierdie Wet gedoen te wees – (a) ten opsigte van daardie boete.

---

<sup>197</sup> 49 van 1949

<sup>198</sup> A 9(1)(e) van die *Wet op Hereregte*.

<sup>199</sup> A 9(1)(e)(i) van die *Wet op Hereregte*; Anoniem 1995 *The Taxpayer* 29.

<sup>200</sup> A 9(1)(e)(i) van die *Wet op Hereregte*; Anoniem 1995 *The Taxpayer* 29.

<sup>201</sup> Anoniem 1995 *The Taxpayer* 29.

<sup>202</sup> Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 8.



Soos by skenkingsbelasting in Hoofstuk 4 word die *Inkomstebelastingwet* gebruik om 'n omskrywing van 'n skenking te kry.<sup>203</sup> Enige skenkingsbelasting wat betaal is, is aftrekbaar van die hereregte ingevolge die *Boedelbelastingwet*.<sup>204</sup>

Die hereregte situasie ingevolge die twee situasies beskryf in paragraaf 1.3 genoem sal presies dieselfde wees. Die begunstigdes — die kinders in voorbeeld 1 en die trust in voorbeeld 2 — sal verantwoordelik wees vir die hereregte betaalbaar op die langselewende testateur se halwe aandeel tot die eiendom, voordat oordrag gedoen sal word.

## **5.2 Belasting op Toegevoegde Waarde**

Belasting op Toegevoegde Waarde<sup>205</sup> moet in ag geneem word wanneer 'n BTW-onderneming,<sup>206</sup> óf 'n gedeelte van só onderneming testamentêr betrek word by boedelsamesmelting, aangesien daar BTW-implikasies meegebring sal word.<sup>207</sup> Daar is 'n verskil tussen die BTW-aanspreeklikhede wat ontstaan waar boedelsamesmelting plaasvind tussen gades wat binne gemeenskap van goedere getroud is en ander gades (of ongetroude persone).

By gades getroud binne gemeenskap van goed sal die onverdeelde aandele van elke gade na voltooiing van boedelsamesmelting bly voortbestaan vir BTW-doeleindes.<sup>208</sup> Die verhouding tussen gades getroud binne gemeenskap van goed vir BTW doeleindes word beskou as 'n vennootskap.<sup>209</sup> Alhoewel dit moontlik is dat slegs die man of die vrou as 'n BTW-ondernemer geregistreer is, bepaal die *BTW-wet*<sup>210</sup> dat wel die gesamentlike boedel is wat die belasbare lewerings maak in die loop van die onderneming. Sou die geval bestaan dat beide die gades BTW-ondernemers is, sal elke gade ingevolge die huweliksgoederebedeling eienaar wees van 'n onverdeelde halwe aandeel in hul eie asook die ander gade se

---

<sup>203</sup> Sien par 4.1.

<sup>204</sup> A 16(b) van die *Boedelbelastingwet*; Jooste 1988 *Income Tax Reporter* 8.

<sup>205</sup> Hierna verwys na BTW.

<sup>206</sup> 'n Onderneming wat geregistreer is by SAID vir BTW as gevolg van die feit dat hy meer as R1 000 000.00 se inkomste jaarliks verdien of as gevolg van die feit dat hy/sy vrywilliglik geregistreer het.

<sup>207</sup> Maritz *Die belange van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbeplanning* 62.

<sup>208</sup> Maritz *Die belange van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbeplanning* 64.

<sup>209</sup> SARS VAT 413 Guide 32; Maritz *Die belange van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbeplanning* 60.

<sup>210</sup> A 51(1) van die *Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde*.

onderneming.<sup>211</sup> Gevolglik as 'n gade sterf word die gesamentlike boedels van beide gades as 'n geheel beredder.<sup>212</sup>

Die BTW-implikasie vir 'n erfregtelike oordrag vanaf die bestorwe gemeenskaplike boedel na die langsewende gade is dat, tensy die langsewende gade 'n BTW-ondernemer is en die BTW-onderneming as 'n lopende saak oorgedra word na die BTW-onderneming van die langsewende gade, die bestorwe gemeenskaplike boedel uitset-BTW teen die standaardkoers van 14% moet betaal.<sup>213</sup>

By gades getroud buite gemeenskap van goed (of ongetroud) is Maritz<sup>214</sup> van mening dat

Gesien uit 'n BTW-oogpunt het boedelsamesmelting ... tot gevolg dat afsonderlik van mekaar, sowel die boedel van die eerssterwende as die boedel van die langsewende, belasbare lewerings maak tydens die vererwing van die saamgesmelte bates.

Om boedelsamesmelting te laat plaas vind ingevolge artikel 37 van die *Boedelwet* sal die langsewende nie sy/haar BTW onderneming of meegaande bates laat vererf sonder om 'n beperkte reg daarvoor terug te ontvang nie.

In die voorbeelde gebruik in paragraaf 1.3 hierbo word daar nie melding gemaak dat die partye geregistreerde BTW-ondernemers is nie. Sou dit egter die geval gewees het, sou die eerssterwende van voorbeeld 2 uitset-belasting betaal, aangesien 'n *mortis causa* trust gestig word, wat nie 'n BTW-ondernemer is ten tye van stigting nie.

### **5.3 Kapitaalwinsbelasting**

Kapitaalwinsbelasting is in 2001 ingestel. Daar bestaan tans 'n akademiese debat ten opsigte van die relevansie van boedelbelasting en óf boedelbelasting weens die toepassing van kapitaalwinsbelasting<sup>215</sup> nog enigsins betekenis het en of dit liewers nie net afgeskaf moet word nie.<sup>216</sup>

---

<sup>211</sup> Scott *Boedels* 16.

<sup>212</sup> Maritz Die belang van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbeplanning 62.

<sup>213</sup> Maritz Die belang van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbeplanning 62.

<sup>214</sup> Maritz Die belang van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbeplanning 64 -65.

<sup>215</sup> Hierna verwys na KWB.

<sup>216</sup> Van Gijsen 2011 <http://www.152.111.145/argief/berigte/landbouweekblad/2011/09/16/LB/58/07.html>.

Die drie hoof punte waaroor daar gedebatteer word, teen die behoud van boedelbelasting is: (i) dat boedelbelasting oneffektief is as gevolg van die feit dat dit die Staat duurder kos om boedelbelasting in stand te hou as wat dit inkomste genereer;<sup>217</sup> (ii) boedelbelasting word deur die gemeenskap gesien as 'n afskrikmiddel om beleggings te maak weens die feit dat boedelbelasting gehef word volgens 'n persoon se rykdom en nie net sy inkomste nie;<sup>218</sup> (iii) die begroning van boedelbelasting is dat dít rykdom verdeel, maar in werklikheid word die rykdom nie verdeel nie.<sup>219</sup>

By enige beskikking van 'n bate<sup>220</sup> moet daar eerstens bepaal word of daardie bate inkomste of kapitaal van aard is. Corbett AR het in *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBF*<sup>221</sup> die verskil tussen 'n inkomste en kapitaal genererende bate soos volg beskryf:

Waar 'n belastingpligtige eiendom verkoop is, ontstaan die vraag of die wins met verkoop belasbaar en deel van sy bruto inkomste is en alternatiewelik of dit nie belasbaar is nie omdat die opbrengs 'n ontvangste of toevalling van 'n kapitale aard is. Dit gee aanleiding tot die volgende vraag, naamlik of die verkoop 'n realisasie van 'n kapitale bate was en of die bate verkoop is in die normale loop van besigheid of in 'n skema van winsbejag. Waar 'n enkele transaksie ter sprake is, word die vraag tot twee alternatiewe beperk, naamlik die realisasie van die kapitale bate of 'n skema van winsbejag. In die normale gang van sake en in die mees eenvoudigste vorm, is die verkryging van 'n bate vir doeleindes om dit teen 'n wins te verkoop, 'n skema van winsbejag. Waar 'n enkele transaksie ter sprake is, word die vraag tot twee alternatiewe beperk, naamlik, die realisasie van 'n kapitale bate of 'n skema van winsbejag. In die normale gang van sake en in die mees eenvoudige vorm, is die verkryging van 'n bate vir doeleindes om dit teen 'n wins te verkoop, 'n skema van winsbejag. Hierdie wins is die gevolg van die produktiewe aanwending van die kapitaal wat deur die bate verteenwoordig word en val gevolglik in die kategorie van inkomste. Die bate verteenwoordig die belastingpligtige se handelsvoorraad of bedryfskapitaal. In teenstelling daarmee, is die verkoop van 'n bate wat verkry is as 'n langtermynbelegging met die oogmerk om 'n inkomste te verdien uit die bate wat verkry is as 'n langtermyn aanwending van die bate of om die bate vir nie-produktiewe doeleindes aan te wend, die realisasie van vaste kapitaal en die opbrengs is 'n toevalling van 'n kapitale aard. 'n Bepalende faktor tydens die vraag in watter van die twee klasse 'n transaksie val, is die bedoeling van die belastingpligte beide ten tyde van die verkryging en verkoop van die bate. Ander belangrike faktore is die werklike aktiwiteite van die belastingpligte in verhouding tot die tersaaklike bate, die vorm van realisasie, ander besigheidsaktiwiteite van die belastingpligtige (indien enige) en, in die geval van 'n maatskappy, die doelwitte soos in die akte van oprigting neergelê...

---

<sup>217</sup> Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1222.

<sup>218</sup> Gale Hines en Slemrod *Rethinking Estate and Gift Taxation* 216.

<sup>219</sup> Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1218.

<sup>220</sup> Die *Inkomstebelastingwet* omskryf 'n bate so wyd dat dit basies alle bates insluit.

<sup>221</sup> 1978 (1) SA 101 (A).

Sou die wins of verlies wat gemaak is uit die beskikking<sup>222</sup> van die bate kapitaal van aard wees, geld die bepalings van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet* asook artikel 26A van die *Inkomstebelastingwet*.<sup>223</sup> Ingevolge die agste bylaag betaal alle Suid-Afrikaanse inwoners KWB op enige beskikking wat hulle gemaak het wêreldwyd.<sup>224</sup> Die metode om KWB te bereken is vierledig. Eerstens moet daar 'n beskikking van 'n bate wees;<sup>225</sup> tweedens moes hierdie beskikking<sup>226</sup> tydens die jaar van aanslag plaasgevind het; derdens moet die basiskoste<sup>227</sup> van hierdie bate wat beskik is bereken word;<sup>228</sup> en laastens moet die opbrengs van die beskikking bereken word.<sup>229</sup>

Paragraaf 38 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet* is soortgelyk aan artikel 58 van die *Inkomstebelastingwet*,<sup>230</sup> wat bepaal dat waar 'n bate beskik word teen 'n minderde waarde, KWB bereken sal word op die volle markwaarde van daardie bate.<sup>231</sup> Die skenkingsbelasting wat deur 'n skenker betaal is, kan by die

---

<sup>222</sup> Par 11(1) van die *Agste Bylaag van die Inkomstebelastingwet* bepaal dat die volgende gevalle as beskikkingsgebeurtenisse gesien word: (a) die verkoop, skenking, onteiening, omskakeling, verlening, sessie, uitruil of enige ander vervreemding of oordrag van eienaarskap van 'n bate; (b) die verbeuring, beëindiging, aflossing, intrekking, afgee, ontheffing, opgee, kwytskelding, laat aanvaarding, afstanddoening, verstryking of prysgawe van 'n bate; (c) die onttrekking as uitgedien, verlies of vernietiging van 'n bate; (d) die vestiging van 'n belang in 'n trustbate in 'n begunstigde; (e) die uitkering van 'n bate deur 'n maatskappy aan 'n aandeelhouer; (f) die verlening, hernuwing, verlening of uitoefening van 'n opsie; '(g) die afname in waarde van 'n persoon se belang in 'n maatskappy, trust of vennootskap as gevolg van 'n 'waardeverskuiwingsreëling'.

<sup>223</sup> Die *Agste Bylaag van die Inkomstebelastingwet* en A 26A van die *Inkomstebelastingwet*. A 26A bepaal dat 'n persoon nie sy kapitale verlies vir 'n belastingjaar by sy inkomste mag aftrek nie maar dat hy daar die kapitale verlies kan oordra na die volgende belastingjaar.

<sup>224</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 711. Nie Suid-Afrikaanse inwoners betaal slegs KWB op bates wat beskik is wat geleë is in die Republiek. Vir nie Suid-Afrikaanse inwoners moet hierdie bate 'n onroerende eiendom wees.

<sup>225</sup> Daar moet vasgestel word of hierdie bate inkomste van aard is of kapitaal van aard. Sou dit inkomste van aard wees sal daar geen KWB betaal word nie.

<sup>226</sup> Sluit ook 'n geagte skikking in.

<sup>227</sup> Daar moet 'n onderskeid getref word tussen die basiskoste van 'n bate ontvang voor 1 Oktober 2001 en 'n bate ontvang op of na 1 Oktober 2001. Die basiskoste van eiendom verkry voor 1 Oktober 2001 word vbereken deur die waarde van die eiendom op 1 Oktober 2001 by te tel by enige onkoste (verbeterings) aangegaan na 1 Oktober 2001. Waar eiendom egter na 1 Oktober 2001 verkry is, word die basiskoste eenvoudig geneem as die onkoste aangegaan om die bate bekom. Hierdie onkoste word egter beperk tot onkoste werklik aangegaan om die bate te bekom.

<sup>228</sup> A 82 van die *Inkomstebelastingwet* bepaal dat die onus op die belastingbetaler rus om basiskoste van die beskikte eiendom vas te stel. Sou die belastingbetaler nie die basiskoste bereken nie sal dit geag word as nul.

<sup>229</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 712.

<sup>230</sup> Sien par 4.1.

<sup>231</sup> Strauss 2003 *De Rebus* 44.

basiskoste bygetel word ingevolge paragraaf 22 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.<sup>232</sup>

Die kapitale wins of verlies word bereken deur die opbrengs van die basiskoste af te trek. Waar die opbrengs groter is as die basiskoste, word die kapitale wins bereken; waar die basiskoste egter groter is as die opbrengs, word die kapitale verlies bereken. Hierdie kapitale wins en -verlies word dan bymekaar getel om die totale kapitaalwinst en verlies vir die jaar van aanslag te bereken.<sup>233</sup>

'n Natuurlike persoon kan vir 'n jaarlikse uitsluiting van R20 000,00 (twintig duisend rand) kwalifiseer.<sup>234</sup> Die jaarlikse uitsluiting vir 'n persoon wat gesterf het in die jaar van aanslag is R300 000,00 (driehonderd duisend rand).<sup>235</sup> Hierdie uitsluitings word van die totale kapitaalwinst en verlies afgetrek, om die netto kapitaalwinst of vasgestelde verlies te bereken.<sup>236</sup> KWB word dan op hierdie netto kapitaalwinst bereken ingevolge paragraaf 10 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.<sup>237</sup> Die netto kapitaalwinst word vermenigvuldig met 25% vir natuurlike persone om die belasbare kapitaalwinst te bereken.<sup>238</sup> By trusts<sup>239</sup> word die belasbare kapitaalwinst bereken teen 66.6%. Aangesien die belasbare kapitaalwinst by 'n persoon se gewone belasbare inkomste bygetel word, word die KWB bereken op die persentasie inkomstebelasting wat 'n persoon betaal.<sup>240</sup> Gevolglik is die effektiewe KWB wat 'n persoon kan betaal 10%<sup>241</sup> op die wins wat gemaak is op die beskikking van die bate en 26.7% vir trusts.<sup>242</sup>

Wanneer ons na die voorbeelde kyk wat in paragraaf 1.3 genoem word, word die moontlikheid geskep dat beide die eerssterwende en as die langsliewende gade KWB kan betaal: die eerssterwende weens sy dood (waar daar geag word dat hy/ sy

---

<sup>232</sup> Par 22 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet* bepaal dat 'n proporsionele gedeelte van die skenkingsbelasting wat deur die skenker of die ontvanger betaalbaar is, bygetel moet word by die basiskoste van die eiendom wat geskenk word. Gevolglik sodra die basiskoste van die kapitaal bate verhoog, verminder die wins wat op die bate gemaak word, en gevolglik is die KWB betaalbaar, minder.

<sup>233</sup> Par 5 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>234</sup> Par 5 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>235</sup> Par 5 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>236</sup> Par 8 en 9 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>237</sup> Par 10 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>238</sup> Par 10 van die *Agste Bylaag* van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>239</sup> Sluit ook in maatskappye en belyde korporasies.

<sup>240</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 715.

<sup>241</sup> Aangesien 'n persoon maksimum 40% inkomstebelasting kan betaal.

<sup>242</sup> Jordaan ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* 715.

bates vervreem het die dag voor sy dood) en die langsewende weens die vervreemding van sy bates.

By die berekening van die KWB van die gades in voorbeeld 1 is dit belangrik om daarop te let dat paragraaf 45 bepaal dat die eerste R2 000 000,00 *wins* op die primêre woning vrygestel sal word van KWB. Gevolglik word in voorbeeld 1 waar die gades binne gemeenskap van goed getroud is, hierdie vrystelling gehalveer sodat elke gade R1 000 000,00 vrystelling vir sy onverdeelde aandeel het. Sou hulle wins op die eiendom minder as hierdie vrystelling wees, word dit verbeur en kan hulle dit nie gebruik om verdere kortings vir KWB te kry nie.

In voorbeeld twee sal die oorledene en langsewende nie tot die R2 000 000,00 primêre korting geregtig wees nie, weens die feit dat dit nie hul primêre woning was nie. Die langsewende se KWB las, sal egter verlig word met die jaarlikse KWB vrystelling.

## **6 Samevatting**

### **6.1 Bevindings**

In die bogaande hoofstukke is daar aandag gegee aan die belastinggevolge van boedelsamesmelting.

Eerstens is daar navorsing gedoen oor wat boedelsamesmelting behels. Daar was spesifiek aandag gegee aan die vereistes van artikel 37 van die *Boedelwet*, aangesien hierdie artikel die spesifieke regsvereistes vir boedelsamesmelting bepaal. Artikel 37 van die *Boedelwet* vereis dat twee of meer persone hulle afsonderlike boedels in een testament — of 'n gedeelte van hul boedels — saamvoeg. By die dood van die eerssterwende word die boedels saamgesmelt. Die langsewende moet dan ingevolge artikel 37 van die *Boedelwet* 'n beperkte reg ontvang, inruil vir sy/haar boedel, wat by die dood van die eerssterwende veref word, weens adiasie deur die langsewende testateur(s).<sup>243</sup> Die volgende beperkte regte is in hoofstuk 2 bepreek: vruggebruik; *fideicommissum* en jaargeld. Dit gebeur egter dat die langsewende testateur volle eiendomsreg ontvang, in plaas van slegs 'n beperkte reg, soos vruggebruik. Waar boedelsamesmelting egter nie behoorlik in

---

<sup>243</sup> Sien hoofstuk 2.

terme van artikel 37 van die *Boedelwet* plaasvind nie, gebeur dit dat die langsewende testateur sy boedel laat vererf, sonder om enige bemaking terug te ontvang. In hierdie laasgenoemde geval loop die langsewende testateur die risiko om aanspreeklik gehou te word *inter alia* skenkingsbelasting, weens die feit dat hy/sy 'n bate vervreem het sonder om enige teenprestasie daarvoor terug te ontvang nie. Die langsewende testateur sal weens die bepaling van die *Inkomstebelastingwet* aanspreeklik gehou word vir skenkingsbelasting, al ontvang die langsewende testateur 'n teenprestasie wat kleiner is as die wat hy/sy bemaak het.<sup>244</sup>

Tweedens is daar ondersoek ingestel ten aansien van boedelbelasting. Boedelbelasting word tans teen 20% gehef op alle boedels bo R3 500 000,00. Daar bestaan egter vrystellings wat 'n belastingverligting verskaf.<sup>245</sup> Boedelsamesmelting verskaf 'n geleentheid vir boedelbelastingbesparing weens die feit dat die langsewende testateur 'n deel van sy boedel bemaak, voordat hy sterf en sodoende 'n kleiner boedel het om na te laat.

Derdens is daar na die skenkingsbelastinggevolge van boedelsamesmelting gekyk. Die gevolge van skenkingsbelasting is in hoofstuk 4 bespreek en is daar bevind dat die skenkingsbelastinggevolge nadelig kan wees vir die langsewende testateur, in die geval waar die langsewende testateur 'n gedeelte van sy/haar boedel bemaak het sonder dat daar 'n genoegsame voordeel terug te ontvang word. 'n Verdere feit wat in gedagte gehou moet word, is dat die langsewende aanspreeklik gehou word vir skenkingsbelasting en sou die gade nie instaat wees om die skenkingsbelasting binne ses maande te betaal nie, word die erfgename aanspreeklik gehou vir die skenkingsbelasting – wat 'n onverwagte nadelige gevolg vir die erfgename inhou.

In die daarop volgende hoofstuk is hereregte, BTW en KWB kortliks bespreek met die gevare wat dit inhou vir boedelsamesmelting. Artikel 9 van die *Wet op Hereregte* maak voorsiening vir 'n hereregte vrystelling, waar 'n eiendom oorgedra word vanaf 'n bestorwe boedel na 'n erfgenaam, maar daar word nie voorsiening gemaak dat die langsewende se aandeel in daardie eiendom vrygestel word van hereregte by die oordrag nie. Gevolglik is die erfgename verantwoordelik vir die betaling van

---

<sup>244</sup> A 55 van die *Inkomstebelastingwet*. Sien ook hoofstuk 4.

<sup>245</sup> Sien par 3.2. en 3.3.

hereregte op die langsewende se aandeel in die eiendom. Waar 'n eerssterwende testateur 'n BTW-ondernemer was gedurende sy lewe sal daar BTW implikasies vir die erfgename en selfs die langsewende testateur wees.

KWB word laaste bespreek en daar is uitgewys dat daar 'n akademiese debat tans bestaan oor die toekoms van boedelbelasting sedert die ontstaan van KWB in 2001. Daar word *inter alia* gedebatteer dat boedelbelasting meer kos om te onderhou as wat dit inkomste vir die staat genereer. Daar is in hierdie gedeelte verduidelik hoe KWB bereken word en dat dit nadelige gevolge vir beide die eerssterwende en langsewende testateur kan inhou, weens die feit dat beide verantwoordelik gehou kan word vir KWB-heffings op hul bates wat vererf word.

Aan die hand van bogenoemde kan die volgende gevolgtrekking gemaak.

## **6.2 Gevolgtrekking**

Boedelsamesmelting word gesien as 'n tegniek wat groot belastingbesparings kan bewerkstellig asook nadelige belastingaanslae kan veroorsaak.<sup>246</sup> Diegene ten gunste van boedelsamesmelting argumenteer dat die adiasie deur die langsewende geen effek op die boedel van die eerssterwende sal hê nie, maar beperk die boedel van die langsewende tot 'n beperkte reg of belang oor al sy/haar bates of 'n gedeelte van sy/haar bates, soos wat dit ingevolge die gesamentlike testament bepaal is.<sup>247</sup> Dit is egter ook belangrik om te onthou dat hierdie besparing in boedelbelasting daartoe kan aanleiding gee dat die langsewende gade en selfs erfgename skenkingsbelasting; hereregte; en kapitaalwinstbelasting moet betaal, weens die skenking wat die langsewende gade maak.

Die gevolgtrekking van hierdie skripsie is dat boedelsamesmelting 'n boedelbelasting voordeel kan hê op die boedel van die eerssterwende, mits die testateurs met mekaar getroud was ten tye van die eerssterwende se dood, aangesien die artikel 4(q)<sup>248</sup> korting gebruik word om die waarde van die netto boedelbelasting van die eerssterwende testateur te verminder. Verder sal die langsewende testateur (of die testateurs nou getroud was of nie) se boedel deur die boedelsamesmelting verminder en gevolglik sal sy/haar boedel se boedelbelastingverpligtinge kleiner

---

<sup>246</sup> Urquhart Vol 7 *SA Company Law Journal* 72.

<sup>247</sup> Urquhart Vol 7 *SA Company Law Journal* 72.

<sup>248</sup> *Boedelbelastingwet*.



wees of mag hy/sy selfs geen boedelbelastingverpligtinge hê nie. Dit is ook belangrik om te onthou dat hierdie bates wat die langsewende gade erf nie werklik vrygestel is van boedelbelasting nie, maar dat hierdie vrystelling net oorgeerol word tot die dood van die langsewende gade.<sup>249</sup>

Al vind boedelsamesmelting plaas, ingevolge die bepalings van artikel 37 van die *Boedelwet*, sal die langsewende gade — as gevolg van die feit dat die Inkomstebelastinghof in *ITC 1387* tot die gevolgtrekking gekom het dat 'n persoon verantwoordelik gehou sal word vir skenkingsbelasting waar hy/sy 'n beskikking gemaak het en 'n mindere waarde daarvoor terug ontvang het — aanspreeklik gehou word vir enige skenkings gemaak uit sy/haar boedel.

'n Verdere nadeel van boedelsamesmelting het ontstaan met die instelling van KWB in 2001. Beide die eerssterwende en die langsewende sal aanspreeklik wees vir KWB waar hulle enige wins gemaak het met die vervreemding van bates met 'n kapitale aard.

Die enigste voordeel wat vandag nog bestaan met boedelsamesmelting is die boedelbelastingvoordeel wat die testateurs kan ontvang. Met die moontlikheid dat boedelbelasting geskrap kan word, is die kans ook groot dat hierdie voordeel kan verdwyn.

Gelukkig vir die langsewende testateur, het hy/sy steeds die reg om die gesamentlike testament en die boedelsamesmelting te adieer of te repudieer by die dood van die eerssterwende.<sup>250</sup>

---

<sup>249</sup> Van Gijsen 2012 <http://www.152.111.45/argief/berigte/landbouweekblad/2012/03/30/LB/16/01.html>.

<sup>250</sup> Sou die langsewende die boedelsamesmelting repudieer sal dit beteken dat die eerssterwende intestaat sterf, tensy daar voorsiening in die testament gemaak was vir repudieering aan die langsewende se kant.

## **7 Bibliografie**

### **7.1 Boeke**

Abrie *et al Boedels*

Abrie W *ea Boedels: Beplanning en Bereddering* 7<sup>de</sup> uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif 2008)

Corbett *ea The Law of Succession in South Africa*

Corbett MM *ea The Law of Succession in South Africa* 2<sup>de</sup> uitg (Juta Kaapstad 1994)

Davies *ea Estate Planning*

Davies DM, Beneke C en Jooste RD *Estate Planning* 28<sup>ste</sup> uitg (Butterworths Durban 2009)

Gale, *ea Rethinking Estate and Gift Taxation*

Gale WG, Hines JR en Slemrod J *Rethinking Estate and Gift Taxation* (The Brookings Institution Washington 2001)

Jordaan *ea SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013*

Jordaan K *ea SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2013* (LexisNexis Durban 2012)

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Kenwyn 1991)

Scott (red) *Werkboek vir Erfreg*

Scott S (red) *Werkboek vir Erfreg* (Digma Publikasies Pretoria 1990)

Stein *Estate Duty: Principles and Planning*

Stein M *Estate Duty: Principles and Planning* (Butterworths Durban 1984)

Wiechers *Testamente*

Wiechers NJ *Testamente: 'n Kortbegrip* (Juta Kenwyn 1988)

Wiechers en Vorster *Boedelberedding*

Wiechers NJ en Vorster I *Boedelberedding* 3<sup>de</sup> uitg (Butterworths Durban 1992)

## **7.2 Akademiese Tydskrifte**

Anoniem 1989 *The Taxpayer*

Anoniem "Donations Tax – Adiation by surviving spouse in massed estate – whether benefit from estate of first-dying part of consideration" 1989 *The Taxpayer* 56 – 60

Anoniem 1991 *The Taxpayer*

Anoniem "Estate Duty: section 4(m) and (q)" 1991 *The Taxpayer* 161 -164

Anoniem 1992 *The Taxpayer*

Anoniem "Estate and Tax Planning" 1992 *The Taxpayer* 27 – 31

Anoniem 1992 *The Taxpayer*

Anoniem "Estate and Tax Planning Part 3: Kinds of Testamentary Dispositions: Their Legal and Tax Consequences – I" 1992 *The Taxpayer* 63 – 69

Anoniem 1992 *The Taxpayer*

Anoniem "Estate and Tax Planning: Husband and Wife Estate Duty consideration" *The Taxpayer* 203 – 207

Anoniem 1994 *The Taxpayer*

Anoniem "Estate and Tax Planning: The Valuation of Limited Interests" 1994 *The Taxpayer* 21 – 24

Anoniem 1995 *The Taxpayer*

Anoniem "Practice Note 34: Transfer Duty: Transfer of Property from massed estates" *The Taxpayer* 28-30

Davies 1965 *The Taxpayer*

Davies DM "Estate and Tax Planning: Kinds of Testamentary Dispositions: Their Legal and Tax Consequences – I" 1964 *The Taxpayer* 44 – 50

Derksen 1980 *Moderne Besigheidsreg*

Derksen AG 1980 “Risiko’s verbonde aan boedelsamesmelting” *Moderne Besigheidsreg* 1 – 5

Dorbis 1984 *Syracuse Law Review*

Dorbis JC “A Brief for the Abolition of All Transfer Taxes” 1984 *Syracuse Law Review* 1215-1234

Fredman 1979 *Modern Business Law*

Fredman MG “Massing of estates and estate duty” 1979 *Modern Business Law* 109

Jooste 1988 *Income Tax Reporter*

Jooste RD “Massing of Estates – Recent developments” 1988 *Income Tax Reporter* 5 – 13.

Jooste 2004 *SALJ*

Jooste R “The donations tax and estate duty implications of section 56(1)(d) of the income tax act” 2004 *SALJ*

Kilbourn 1996 *Butterworth’s Property Law Digest*

Kilbourn L “Deceased Estates and Conveyancing: Some thoughts on the Leal concept of “Massing” and on joint wills” *Butterworth’s Property Law Digest* 8 – 13

Lourens 2000 *THRHR*

Lourens CJA “Boedelsamesmelting as instrument by boedelbeplanning” 2000 *THRHR* 417 – 441

Stein 1987 *Tax Planning*

Stein M “TaxS Planning 59 Donations: An anti-avoidance measure” *Tax Planning* 1987

Strauss 2003 *De Rebus*

Strauss B “Donations Tax: Estate Planning Gone Awry” 2003 *De Rebus* 44

Van der Walt 1992 *THRHR*

Van der Walt AJ “Personal rights and limited real rights” 1992 *THRHR* 170 – 203

Urquhart Volume 7 *SA Company Law Journal*

Urquhart G “Massing of Estates and Estate duty- the effectiveness of the technique” Volume 7 *SA Company Law Journal* 72 – 82

Williams 2004 *SALJ*

Williams RC “CSAR v Welch’s estate: a payment to a trust intended to provide maintenance for a legal dependant as a founder is held to be a donation and subject to donations tax” 2004 *SALJ*

### **7.3 Wetgewing**

*Belastingwysigingswet 69 van 1989*

*Belastingwysigingswet 17 van 2009*

*Boedelbelastingwet 45 van 1955*

*Boedelwet 24 van 1913*

*Boedelwet 66 van 1965*

*Inkomstebelastingwet 58 van 1962*

*Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde 89 van 1991*

*Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988*

*Wet op die Opheffing van Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965*

*Wet op Hereregte 40 van 1949*

*Wet op Testamente 7 van 1953*

#### **7.4 Tesisse en Proefskrifte**

Maritz *Die belange van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbepallings*

Maritz JS *Die belange van belasting op toegevoegde waarde vir boedelbplanning* (LLM-tesis NUW 2006)



## 7.5 Internet

Van Gijsen 2009 <http://www.152.111.1.45/argief/berigte/landbouweekblad/2009/09/04/LB/34/01.html>

Van Gijsen N 2009 Testament vir twee <http://www.152.111.1.45/argief/berigte/landbouweekblad/2009/09/04/LB/34/01.html> [28 September 2012]

Van Gijsen 2011 <http://www.sake24.com/Menings/Rubrieke/Gesamentlike-testament-se-waarde-2011>

Van Gijsen N 2011 Gesamentlike testament se waarde <http://www.sake24.com/Menings/Rubrieke/Gesamentlike-testament-se-waarde-2011> [ 26 September 2012]

Van Gijsen 2011 <http://www.152.111.1.45/argief/berigte/landbouweekblad/2011/09/16/LB/58/01.html>

Van Gijsen N 2011 So betaal jy boedelbelasting <http://www.152.111.1.45/argief/berigte/landbouweekblad/2011/09/16/LB/58/01.html> [28 September 2012]

Van Gijsen 2012 <http://www.152.111.45/argief/berigte/landbouweekblad/2012/03/30/LB/16/01.html>

Van Gijsen N 2012 Trust vir elke kind skep dalk probleme <http://www.152.111.45/argief/berigte/landbouweekblad/2012/03/30/LB/16/01.html> [28 September 2012]

Marx 2009 <http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=50049>

Marx CJ 2009 Deceased Estates and Estate Duty <http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=50049> [19 September 2011]

Ziyambi 2011 <http://sa-property.blogspot.com/2011/05/transfer-duty-and-conveyancing-fees.html>

Ziyambi L 2011 Transfer duty and conveyancing fees <http://sa-property.blogspot.com/2011/05/transfer-duty-and-conveyancing-fees.html> [21 September 2012]

## **7.6 Regspraak**

*Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 (1) SA 101 (A)

ITC 1545, 54 SATC 464

ITC 1387, 46 SAT 121

*Overstone v Secretary for Inland Revenue* 1980 (2) SA 721 (A)

*Receiver of Revenue v Hancke* 1915 AD 64

*Rhode v Stubbs* 2005 5 SA 104 (HHA)

*Rosenberg v Dry's Executors* 1911 AD 679